# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Pectora roborant cultus recti

Jaargang XXXIII NR 16 PRYS 10c

DONDERDAG, 20 SEPTEMBER, 1979


## SR VOEL KONTAK MET AFRIKA-STUDENT NODIG

DIE Studenteraad het op Woensdagaand, 12 September 'n verreikende mosie oor kontak met Suid-Afrikaanse studente en studente in Afrika eenparig aanvaar. Die mosie is deur Frans Roelofse ingedien.

Die raad verklaar dat hulle hulself toenemend sal beywer om Afrikanerskap as 'n kulturele begrip te beskou en te bevorder en dit nie noodwendig aan 'n bepaalde politieke denkrigting te koppel nie.

### AFRIKA

Omdat ons toekoms in Afrika lê, is die raad van voorneme om ook kontak met studente in ander Afrika-lande te bewerkstellig om 'n gesamentlike toekoms vir Afrika te help bou op die beginsels van gelyke menswaardigheid, wedersydse afhanklikheid en wedersydse respek.

### SWART KAMPUSSE

Verdere verklarings, soos in die mosie bevat, lui soos volg: om nie-amptelike kontak met Swart kampusse uit te brei tot meer konstruktiewe en diepgaande dialoog; die noodsaaklikheid van kontak, omdat ons saam vir die toekoms van Suid-Afrika verantwoordelik sal wees; die noodsaaklikheid van kontak as middel om selfvoldaanheid en stagnasie in studentegemeenskappe te vermy.

### KONFRONTASIE

Die Studenteraad het 'n beroep gedoen op studenteleiers om nie toe te gee aan konfrontasie met ander groepe of isolasie van hulle bloot op grond van verskille wat noodwendig bestaan nie, want slegs deur 'n wisselwerking van idees kan probleme oorbrug word.

Die uitgangspunt dat identiteit slegs bewaar kan word deur wetgewing, is vir die Studenteraad onaanvaarbaar. Hulle voel ook dat die huidige parlementêre struktuur nie naasbestaan in Suid-Afrika doeltreffend kan verklaar nie.

Oor skakeling met studente in ander Afrika-lande lui die mosie: "Vanweë ons Afrika-gebondenheid wil ons onsself eerder met ons mede-Afrikaner identifiseer as met die Weste of die Ooste."

Die Studenteraad verklaar ten slotte dat hulle van oortuiging is dat kontak met die eiesoortige ander Afrika-kulture ook ons eie kultuur en die kwaliteit van ons lewe kan verryk.

# OPROER OOR KANDIDATE

## Drank, dans: Tokkels Teken

ALTESAAM 11 uit die 74 finalejaar-studente aan die Teologiese Kweekskool van die Universiteit van Stellenbosch het geweier om 'n skriftelike stuk op versoek van die dagbestuur van die kuratorium te onderteken, waarin hulle onderneem om nie te dans en sterk drank te misbruik nie.

Die stuk verklaar dat die kuratorium daarvan oortuig is dat "indien die gerugte en klagtes waar is, dit net 'n klein aantal studente raak en dat die oorgrote meerderheid van ons studente se gedrag onberispelik is. Aan laasgenoemde word hiermee die geleentheid gebied om hulself van blaam aan die onderhawige saak te onthef."

### SKULDIG

Sommige studente het gesê dat die dagbestuur wil impliseer dat diegene wat nie die skriftelike stuk onderteken nie, skuldig is aan drankmisbruik en danspartye.

### HARDE WERK

Nadat diegene wat geweier het om die stuk te onderteken, verneem het dat hulle toelating tot die bediening deur hul weiering in gedrang mag kom, het hulle geteken. Hulle het gemeen dat dit nie die moeite werd was om ná sewe jaar van harde werk hul roeping in gevaar te stel nie.

Hulle maak beswaar teen die ondertekening, omdat die dagbestuur "nie die prosedure by kerklike tuguitoefening" gevolg het nie.

### SLEGS ONDERSOEK

Dr. J.D. Vorster, voorsitter van die dagbestuur van die kuratorium, het gesê dat die dagbestuur "honderd persent kerkregtelik" opgetree het. Die kuratorium is 'n liggaam wat oor die Kweekskool toesig hou. Die skriftelike stukke het slegs as 'n ondersoek gedien en niemand is verdink of van wangedrag beskuldig nie.

### MOOISTE MANIER

"Die kuratorium het gerugte gehoor dat sommige studente hulle nie ooreenkomstig die waardigheid van hulle roeping gedra het nie. Die uitstuur van die skriftelike stukke was die mooiste manier waarop die dagbestuur die saak kon hanteer. Niemand is beskuldig nie en niemand is ooit geen tug toegepas nie," het dr. Vorster gesê.



*Prof. Jannie de Villiers, oud-Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, en die nuwe-Rektor, prof. Mike de Vries, in 'n ernstige luim voor die ampsbekleding van laasgenoemde. Die plegtigheid is waargeneem deur die Kanselier, dr. B.J. Vorster.*

*In sy toespraak het prof. De Vries gesê dat die Universiteit van Stellenbosch vanweë sy verbondenheid aan die Afrikanergemeenskap en sy behoudende en godsdienstige karakter, 'n rol moet speel in die kweek van gemeenskaplike trou aan Suid-Afrika.*

## Akademie verkeerd toegepas

DIE onlangse verwikkelinge rondom die toepassing van akademiese vordering as bepalende kwalifikasie by die verkiesing van huiskomitees het wydverspreide reaksie uitgelok onder koshuisinwoners.

Bittere ontevredenheid heers onder die inwoners van Huis Visser omdat hierdie keuringsreël nie van toepassing is by die verkiesing van ander studentekomitees nie, insluitende die Studenteraad. Hierdie beginsel word volgens hulle nie altyd konsekwent toegepas nie.

### ONTWRIGTING

Mnr. Theuns Smit, primarius van Pieke, steun die beginsel van keuring op grond van akademiese prestasie, soos neergelê deur Administrasie. As 'n huiskomiteelid egter moet bedank hieroor, veroorsaak die daaropvolgende tussenverkiesing groot ontwrigting vir die huiskomitee. Die hele saak laat volgens hom 'n nasmaak. Sommige verkiesings moes noodwendig uitgestel word om nog nominasies in die hande te kry.

### JAARKURSUSSE

Mnr. Roelof McLachlan, voorsitter van die primarii/ae-komitee en primarius van Helderberg het dit veral gehad oor die probleme wat ontstaan rondom jaarkursusse. Hy voel dat daar navorsing gedoen moet word oor persone met swak vorderingspunte by jaarkursusse. Hier kan daar syns insiens ook gekyk word na 'n kandidaat se akademiese prestasies van vorige jare.

Serruria steun die huidige stelsel indien dit deurgaans toegepas word. Hulle het eers die nominasies aangekondig nadat die dames gekeur is. Op hierdie wyse is verleentheid voorkom.

Nerina is van mening dat die keuring van kandidate op uiters onreëlmatige wyse verloop. Verder gaan daar ook hoogs bruikbare persone met goeie leierseienskappe in die proses verlore. In Nerina, byvoorbeeld, is die kandidaat met die tweede meeste stemme verdere deelname geweier.

### INKONSEKWENTE KEURING

Ook die SR veroordeel die universiteitsowerheid se inkonsekwente en onoordeelkundige keuring van HK-kandidate. Dit blyk uit 'n mosie van mnr. Deon de Kock, wat ingedien is op 12 September.

Mnr. Hilgard Bell het aan Die Matie gesê dat die probleem lê by die feit dat sommige huisvaders en -moeders 'n beroep op die owerheid gedoen het en kandidate wel daarna toegelaat is om te staan.

Aan die ander kant is die betrokke keuring daarop gemik om persone te verhinder om te aspireer vir huiskomitee as hulle nie die daaropvolgende jaar hertoegelaat sal word tot die koshuis nie. Dit kan egter nie in PSO-wyke toegepas word nie.

## Slabbert: Regering móét saamwerk

"DIE Regering van Suid-Afrika moet, wanneer hy sy totale strategie van stapel stuur, dit doen uit 'n posisie van krag," het die nuwe leier van die Opposisie, dr. F. van Zyl Slabbert, op Stellenbosch gesê.

Suid-Afrika se krag gaan nie deur sy militêre vermoëns bepaal word nie, maar deur die doeltreffende samewerking van al die volke in die land.

Met die aanvaarding van mnr. P.W. Botha se "totale strategie" is verwagtings by al die volke in Suid-Afrika geskep. Die verwagtings moet nie nou 'n bron van frustrasie word nie en die vaaghede moet uit die beleid verwyder word.

"My idee van 'n totale strategie is gesamentlike bedinging deur al die volke in Suid-Afrika. Hiermee bedoel ek eintlik 'n nasionale konvensie waar alle volke saam oor die toekoms van Suid-Afrika kan besluit."

So 'n konvensie sal nie die soewereiniteit van die Regering vervang of beperk nie.

Ten einde die konvensie te laat slaag moet die klimaat in die binneland reg wees. Die Regering moet sy bona fides bewys. Wetgewing soos die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike, die Ontugwet en die Groepsgebiedewet moet herroep of hersien word.

Hierteenoor stel die Eerste Minister, mnr. P.W. Botha, 'n konstellasie van state voor wat slegs op 'n paar uitsonderings na, 'n herinterpretasie van huidige Nasionale Party-beleid is.

Dr. Slabbert het gesê as meer grond aan die tuislande gegee word met die doel om meer mense in die gebiede te vestig, die verhouding tussen die aantal mense en die area beskikbare grond versteur word. Die lewensvatbaarheid van die landbou in die gebiede sal hierdeur verswak word.

"Groepsidentifikasie en mensassosiasie moet op vrywillige basis geskied en nie deur wette bepaal word nie. Wette weerspreek die natuurlike pluralisme wat in Suid-Afrika heers. Pluraliteit moet vrywillig tot sy reg kom."

"Solank wette soos die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike, Art. 16 van die Ontugwet en die Groepsgebiedewet in ons midde is, kan daar geen vreedsame konstitusionele ontwikkeling wees nie. As dié wette in die res van Suid-Afrika nog geld terwyl 'n konstellasie van state bestaan, sal dit niks meer as 'n blote frustrasie wees nie."



DR. VAN ZYL SLABBERT

Die meerderheid van die Nasionale Party se ondersteuners glo dat die swartman nie 'n Suid-Afrikaner is nie. Die uitgangspunt van die Progressiewe Federale Party is dat die swartman wel 'n Suid-Afrikaner is en dat hy saam moet besluit oor die toekoms van sy land.

"Stemreg moet aan alle volwassenes in Suid-Afrika op 'n proporsionele basis binne 'n federale sisteem gegee word. Konstitusionele meganismes sal die oorheersing van een groep verhoed."

"Ek glo daar is 'n klemverskuiwing besig binne die wit politiek in Suid-Afrika. Ons praat politiek of ons baklei politiek. Elke mens móét besluit of hy gaan werk vir versoening of konfrontasie."

ALEX BARNARD

## kuns-kalender

**KONSERVATORIUM.**
**9 Oktober:** Dietrich Wagner.
**9 Oktober:** Uitvoering: L. Bowman, P. Abels en D. Wagner.
**13 Oktober:** V. Oosthuizen en E. Tamassy.

**H.B. THOM-TEATER.**
**25 September:** Die Markplein (20h15).
**27-29 September:** Anastasia.
**5 Oktober:** Opperman-aand (20h15).
**11–13 Oktober:** Noag (20h15).
**18–20 Oktober:** Noag (20h15).

**NICO-MALAN-TEATER.**
**van 13 September:** Nabucco (20h00).
**tot 29 September:** Swan Lake.
**tot 27 September:** Anastasia.

**BAXTER-TEATER.**
**tot 27 September:** Hail Wedded Love (20h30)
**28–30 September:** Ballet.

**BAXTER-KONSERTSAAL.**
**22 September:** I Musicanti (20h00).
**25 September:** C. Zacharias.

**FILMVERENIGING.**
Sien bladsy 3.

**KUNSUITSTALLINGS.**
**VILKA-GALERY:**
**tot 22 September:** P. Terblanche – skilderye en beeldhouwerke.
**25-29 September:** Wewersgilde.
**1-13 Oktober:** Cora Coetzee
**15-27 Oktober:** Conrad Theys.

**U.S.-KUNSMUSEUM.**
**tot 29 September:** S.C. Malan.
**1–14 Oktober:** Argitekte – studiegroep van Stellenbosch.

**AFDELINGSRAADSAAL.**
**2–28 Oktober:** Eikestad – borduurkring.

**KWEEKSKOOL.**
**1–31 Oktober:** Historiese foto-uitstallings.

**CARNEGIE-BIBLIOTEEK.**
**1–31 Oktober:** Boeke-uitstalling: 'Stellenbosch in die Literatuur'.

**NASIONALE-GALERY.**
Sculpture in the Biennale.

COBWEBS
Dorpstraat 145

'n Geskenk met verbeelding gekies, getuig van goeie smaak maar hoef beslis nie 'n plaas se prys te kos nie.

Juweliersware
Kerse
Mandjies
Droë blomme & sade
Klokkies
Wierook
Skulpe

# Opperman "opgeklei"




,,...............uit die vaaltes opgeklei"

DIE ASK het geslaag in sy poging om die borsbeeld van die digter D.J. Opperman, wat deur die veelsydige Stellenbosse kunstenaar, Philip Terblanche, gemaak is, te koop. Dié beeld is op 10 September by die opening van die uitstalling waarop dit te sien is, onthul. Dié uitstalling duur tot 22 September.

Die fondse waarmee die beeld gekoop is, is verkry deur donasies wat aan die ASK gemaak is in ruil vir 'n afdruk van die beeld op harde karton, wat deur die digter self onderteken is. Die beeld sal sy uiteindelike tuiste vind in die Carnegie-biblioteek waar Opperman se manuskrip-versameling ook bewaar word.

**Die tekstuur van die beeld word raak beskryf deur die aanhaling: "... uit die vaaltes opgeklei", uit Opperman se "Galeie van Jorik", wat onder die afdruk verskyn.**

### KRONIEK VAN KLIP EN STER

Die afdruk verskyn ook op die omslag van "Kroniek van Klip en Ster", 'n studie van die digter se werk deur J.C. Kannemeyer wat op 29 September 1979 by geleentheid van die digter se vyf-en-sestigste verjaardag sal verskyn.

### ANDER BORSBEELDE

Benewens die borsbeeld van Opperman, was daar ook nog 'n portret van die digter, asook borsbeelde van bekende figure soos W.E.G. Louw, Uys Krige, Prof. Sampie Terblanche, mnr. Eddie Swart en Dr. Danie Craven, te sien.

"Met die koms van Philip Terblanche na Stellenbosch, is daar 'n steentjie tot die kleurryke mosaïek toegevoeg", het die Burgemeester van Stellenbosch, Mnr. Piet Marais, in sy openingstoespraak gesê. Dat die steentjie self ook baie kleurryk is, spreek uit die kunstenaar se veelsydigheid. Deurlopende temas in die uitstalling was landskappe, geboue en stillewes.



*Prof. Dirk Opperman by die skildery wat Philip Terblanche van hom gemaak het.*

Die kunstenaar is veral bekend vir sy skilderye van historiese geboue. Hiervan getuig onder andere die skilderye "Ou Geboue, Andringastraat" en "Moskee vanaf Waalstraat, Bo-Kaap" wat op die uitstalling te sien is.

### RESTOURASIE

Die kunstenaar het nie passief gebly in sy "stryd tussen vooruitgang en ontwikkeling en die behoud van dit wat onvervangbaar is" nie. Hy was verantwoordelik vir die restourasie van die geboue op Rheeboskraal wat tans Nasionale Gedenkwaardighede is, asook die Klein Drostdy in Swellendam. Die kunstenaar se trots in die verlede is die voedingsbron vir sy werke.

*soos 'n boer sou skryf*

*wanneer die weer dit ook al wil hê*
*stryk 'n mankolieke skottelmaan*
*braaf deur die braakland van die lug*
*en laat die sandwolke so ver hy gaan*
*sweetblink soos sooie in sy ploegvoor lê*

*maar dis net by danne en wanne*
*dat 'n klompie korrels kletter op die dorsvloerklei*
*uitgelate soos 'n opgeskote vers in opslaggraan*
*en al die konstellasies kaf bly soos bye sprei*
*op 'n sukkelbries – tot verby die bloutes opgaarpanne*

**A.D. PIENAAR**

# "SKRYWERS IN BOTTELNEK"

OP 5 September het die ASK die voorreg gehad om Prof. André P. Brink, bekende Afrikaanse skrywer en akademikus aan die Universiteit Rhodes, as spreker te hê. Prof. Brink het oor "skrywers, magte en owerhede" gepraat en 'n sterk aanval teen sensuur geloods.

Volgens Prof. Brink het die Afrikaanse skrywer in 'n bottelnek beland as gevolg van die bedreiging van owerheidsweë. Rondom laasgenoemde het 'n sekere terminologiese problematiek ontstaan, ten opsigte van aspekte soos werklikheid, vryheid en mag. Hy het gesê dat dit by die skrywer nie gaan om die oppervlakte van die werklikheid nie – hy moet die werklikheid bestry waar dit nog onvoltooid is. Die vraag is ook hoe die kunstenaar spanninge binne homself oplos.

### KONFRONTASIE TUSSEN SKRYWER EN MAGSTRUKTUUR

Prof. Brink het voorts beweer dat 'n mens eers jou graad van vryheid kan bepaal wanneer jy weet hoe onvry jy is. Mag, het hy gesê, streef altyd daarna om getroue kopieë van homself te produseer. Prof. Brink het kortliks gewys op die historiese agtergrond van die konfrontasie tussen die skrywer en die magstruktuur. Hy het genoem hoe feitlik alle literatuur voor die uitvinding van die boekdrukkuns ondergronds was. Skrywers van Ovidius tot Moliére het probleme opgetel; nogtans het die skryfkuns gefloreer. (Carlyle het so ver gegaan om te sê: "May every good book be prosecuted"). Hy het voorbeelde van verdrukking in lande soos die Fillipyne, Egipte, Chili, ens. genoem, en daarop gewys dat die skrywer syns insiens onuitroeibaar is, en dat 'n volk nêrens so outentiek is, as in die werk van sy beste skrywers nie. Elke skrywer moet 'n stuk waarheid soos hý dit ervaar, uitvoer.

### BEVEILIGINGSMEGANISME

Die vraag is dus nou: Wat staan die skrywer te doen in dié bottelnek-situasie? Volgens Prof. Brink lê die antwoord eerstens in die gehalte van sy werk. Indien 'n boek literêre kwaliteit het, bevat hy sy eie beveiligingsmeganisme. So kan ook die finale bedreiging, die dood, oorkom word.

### SENSUURWET VAAG

Op vrae het Prof. Brink verklaar dat hy werklik lief is vir Suid-Afrika en dat hy nie elders sy skryfkuns wil beoefen nie. Hy glo ook dat die huidige sensuurwet só vaag is dat enigiets verban kan word – selfs die Bybel. Tog is hy realisties en sal sensuur met sekere waarborge "brom-brom" aanvaar. Hy wil hê dat literêre werke in hul geheel beoordeel moet word. Rekening moet gehou word met estetiese en wetenskaplike opsette as deurslaggewende faktore. Daarbenewens moet die reg van appèl na 'n onafhanklike regbank buite die sensuurstelsel vas staan.




*Regs:*

*Prof. André P. Brink, wat voor die ASK opgetree het.*

*Rooi Boom*

*As die dag*
*stadig stadig*
*haar bra losmaak*
*tot, soos 'n tepel,*
*heerlik en rooi*
*die spits rooi son op die*
*die einde bibber*
*en die nag 'n loom oog*
*na my rig*
*staan ek by die afdraaipad*
*na woorde*
*en skryf oor jou*
*asof jy 'n rooi boom is*
*in die volglans van die herfs.*

**ETIENNE VAN HEERDEN**


NUWE SPESIALIS-RIGTING
U.
IN 'N BESTUURSPOS BY SANLAM BINNE DRIE JAAR.

# U.

# IN 'N BESTUURSPOS BY SANLAM BINNE DRIE JAAR.

WEET U dat Suid-Afrika se grootste werkkragprobleem 'n tekort aan veelsydige bestuurders is?

BESEF U dat u akademiese opleiding en verstandelike ontwikkeling u 'n kandidaat vir 'n bestuurspos maak?

GLO U dat u self binnekort 'n bestuurspos kan beklee?

Sanlam het nou 'n opleidingsprogram ontwerp wat u binne twee tot drie jaar vir 'n bestuurspos voorberei.

Hierdie program bied u:

- 'n Intensiewe blootstelling aan die **praktiese bedryfslewe,** iets wat u nooit uit 'n boek sal kan opdoen nie.
- **Bedryfskennis** wat u nou vinniger as ooit tevore kan bemeester.
- Die inskerping van **begrippe en tegnieke** wat onontbeerlik is vir 'n bestuurspos.
- Die geleentheid om **sinvolle werk** te lewer tydens opleiding.
- **Afwisseling** t.o.v. werk-aard en werkplek tydens opleiding.
- **Ruim materiële** voordele wat u uit die staanspoor in pas hou met ander kollegas.
- **Uitstekende** woon-, sport- en kafeteria-geriewe.

**Na u opleiding**

Sodra u opleiding by ons hoofkantoor in Bellville afgehandel is, gesels Sanlam met u oor:

- Die bestuursrigting waarin u werksaam wil wees.
- Die stad of dorp waar u geplaas wil wees.
- Die salaris waarop u kan aanspraak maak.

**Wat verwag Sanlam van u?**

- Waarskynlik 'n handelskwalifikasie, hoewel nie noodwendig nie.
- Besliste belangstelling in die sakewêreld.
- Die begeerte om u kwalifikasies en vermoëns nie net in een vakrigting toe te pas nie, maar om gevorm te word vir 'n bestuursloopbaan by 'n dinamiese en veelsydige finansiële instelling.

Belê u opleiding met sukses in die bestuurswese. Skakel u plaaslike Sanlam-kantoor, of skryf aan:

Die Personeelbestuurder, SANLAM,
Posbus 1, Sanlamhof 7532.

**BELÊ U OPLEIDING MET SUKSES IN DIE BESTUURSWESE.**

**SANLAM**
**GEE U DIE BESTE.**

DISA, C.T.

McK&S 30/651

# Klip in die 'Bosch

## SPEL DRYFVEER AGTER KUNS

KUNS as spel: 'n idee wat reeds by Plato opduik en 'n belangrike rol speel in die denke van o.a. Schelling en Nietzsche, maar eers deur Huizinga sistematies uitgewerk word in Homo Ludens.

Huizinga poog om kultuur in geheel te oorskou sub specie ludi: in die lig van die spel. Hy gaan uit ,van die hipotese dat spel een van die vernaamste dryfvere van alle beskawing vorm, en ondersoek dan 'n reeks uiteenlopende sosiale funksies ter stawing hiervan: taal, regstelsels, oorlogvoering, akademiese konvensies . . . en kuns.

### HUIZINGA

In die aangehaalde gedeelte bespreek Huizinga dan die spelelement in die poësie en veral in musiek. Voort met die sang, Gé, wormpje jakobs!

"Poiesis, in fact, is a play-function. It proceeds within the playground of the mind. If a serious statement be defined as one that may be made in terms of waking life, poetry will never rise to the level of seriousness. It is beyond seriousness. Play (is) so innate in poetry

and every form of poetic utterance so intimately bound up with the structure of play, that the bond between them (is) indissoluble. The same is true, and in even higher degree, of the bond between play and music. Play lies outside the reasonableness of practical life; it has nothing to do with necessity or utility, duty or truth. All this is equally true of music. Furthermore, musical forms are determined by values which transcend logical ideas, which even transcend our ideas of the visible and the tangible. These musical values can only be understood in terms of designations like rythm and harmony, which are equally applicable to play and poetry. But, whereas in poetry the words themselves lift the poem, in part at least, out of pure play into the sphere of ideation and judgement, music never leaves the play-sphere.

Nowhere, perhaps, is the relationship between ritual, dancing, music and play described more lucidly than in Plato's Laws. The gods, he says, out of pity for the race of man born to sorrow, ordained the feasts of thanksgiving as a respite from their troubles and gave them Apollo, lord of the Muses, and Dionysos to be their companions in the feast, that by this divine companionship order might always be restored among men."

**Hermes O Klepter**

# HAMLET OP DIE YSTERDOEK

OP Maandagaand 1 Oktober word die film "Hamlet" (1964) deur die Russiese regisseur Grigori Kozintsev in die Reitzsaal vertoon deur die U.S. Filmvereniging. Hierdie film word allerweë beskou as een van die beste Shakespeare-verwerkings wat nog gemaak is. Kozintsev se films word gekenmerk deur die sorg wat hy dra by die vervaardiging van films om hom te hou by die oorspronklike gegewe en in hierdie verband is "Hamlet" dan ook geen uitsondering nie. Die film word verder gekenmerk deur besondere visuele beelde. Die filmmusiek is gekomponeer deur Dimitri Shostakowitsj.

### REEKS KEURFILMS

Gedurende die week beginnende op Maandag 8 Oktober bied die filmvereniging 'n spesiale reeks van keurfilms aan. Soos wat dit die geval was met die 'science-fiction'-reeks vroeër vanjaar, sal ook nie-lede hierdie besondere films te siene kan kry. Sulke persone sou vir die ses films 'n verkorte lidmaatskap van R3 kan uitneem. Lede sal die reeks kan bywoon teen R1. Op Maandag – en op Donderdagaand sal die films in die Reitzsaal vertoon word en op Vrydagaand in die Van der Sterr-saal. Op die Maandagaand sal "Aguirre, the wrath of God" en "The Spirit of the Beehive" vertoon word. Eg. film is gemaak deur die bekende jong Duitse filmmaker Werner Herzog. Toe hierdie film enkele jare gelede by die New York filmfees vertoon is, was die kaartjies daarvoor reeds weke voor die tyd uitverkoop. Lg. is 'n film waarin die wêreld van die kind op 'n liriese wyse verken word. Op Donderdagaand word "Last Year at Marienbad" van Resnais en "Days and nights in the forest" van die humanistiese Indiese filmmaker Satayit Ray vertoon. Eg. film het Resnais gemaak in samewerking met die skrywer Alain Robbe-Grillet, een van die eksponente van die sg. nouveau roman. Op Vrydagaand word "Claire's Knee" en "The Rules of the Game" vertoon. "Claire's Knee" is een van Eric Rohmer se 'moral tales' films waarin die optrede van 'n man wat hom reeds aan 'n vrou verbind het, maar dan in 'n situasie beland waar hy sy trou aan haar kan deurbring, weergegee word. In "The Rules of the Game" word 'the state of mind of French society and the world in general' net voor die Tweede Wêreldoorlog blootgelê. Hierdie 'comedy of manners' is deur Jean Renoir geskryf en geregisseer en daarby is hy ook 'n akteur in die film.

### WOENSDAGAANDE

Die Filmvereniging se tweede Woensdagaand-filmreeks hierdie semester gaan oor sport in die film. Die films word Woensdagaande om 19h00 in die Reitzsaal vertoon. Toegang is gratis.

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk-Wassery



*Die De Groote-gesin wat 'n meesterkonsert in die Endlersaal gelewer het. V.l.n.r. verskyn Pierre (viool), Steven (klavier) en Philip (tjello). Die vierde lid van die gesin, Oliver, het die klarinet bespeel.*

# De Groote-konsert 'n fees in die klein

DIE konsertseisoen in die Endlersaal is op 'n klinkende hoogtepunt afgesluit. 'n Stampvol saal het 'n unieke gebeurtenis beleef toe Pierre De Groote en sy drie seuns, Oliver, Philip en Steven, Stellenbosch musikaal aan die brand gespeel het.

Skynbaar 'n taamlik tradisioneel gerigte program het onder hul hande lewend geword, opwinding en geesdrif gewek, sonder om die musiek ook maar in die minste te misbruik. Want Schubert, Weber, Brahms, Bartok en Ravel se werke was die werklike wenners in die hande van hierdie vier kunstenaars.

Slegs drie werke was op die program gedruk: Schubert se liriese Arpeggione-sonate, verwerk vir tjello en klavier, die briljante Duo Concertante vir klarinet en klavier van Weber en Brahms se veelsydige en ryke Trio op 87 vir viool, tjello en klavier.

As toegifte – let wel toegifte! – het die here toe nog kans gesien vir die Finale uit Contrasts van Bartok (oorspronklik geskrywe in 1939 vir Joseph Szigeti viool en Bennie Goodman, klarinet) asook een deel uit Trio van Maurice Ravel vir die nórmale triobesetting.

Twee dinge moes die toehoorders seker opgeval het: die ontroerende eenstemmige spel tussen Pierre De Groote en Philip, viool en tjello, in sowel die Brahms as die Ravel-trio, en die kragdadige, klankvolle en soms asemrowende begeleidings deur Steven in sowel die Duo Concertante as die Brahms, die Bartok en die Ravel komposisies.

### HOË STANDAARD

Dit gaan om standaard in die algemeen by die beoordeling en genieting van musiek. Die standaard van die De Groote-gesin is op 'n baie hoë sport van die musici se leer, en daarvan is geeneen van hulle uitgesonder nie.

Die klarinetparty van die Duo van Weber was 'n voorbeeld van reinheid wat 'n mens selde hoor. Die dramaties-liriese elemente in hierdie quasi-operamusiek het Oliver en sy broer Steven heeltemal vasgevang.

Philip lewer ver in die Brahms en Ravel ensemblespel van die fynste soort, terwyl ten slotte Pierre die leiding gee sonder om een oomblik opdringerig te klink.

### LEIDING

As 'n mens soek na die geheim agter so 'n gesinsukses, moet 'n mens seker soek in die rigting van hierdie soort. Pierre verwag eenvoudig 'n sekere tempo, 'n sekere resultaat en daarom kry hy dit ook. Dis sonder dwang, maar vanselfsprekend en volgens voorbeeld.

Stellenbosch het die konsert deur die De Grootes nie net gewaardeer nie, maar hulle (helaas nie staande nie) 'n ovasie gegee. Word staande ovasies net vir oorsese kunstenaars bewaar?

**PAUL LOEB VAN ZUILENBURG.**

*Met erkenning aan Die Burger.*

# SR se mening oor kunssubsidies

SOOS in die vorige uitgawe van *Die Matie* beloof, het ons die SR genader omtrent subsidies aan kunsverenigings. Uit 'n onderhoud met Kobus Visagie, Voorsitter van die Verenigingskomitee blyk die volgende:

Toekennings wat die SR aan verenigings maak moet as 'n subsidie beskou word en nie as 'n onvoorwaardelike finansiering nie.

### BASIS VIR TOEKENNING

Die basis waarop finansiële steun in die verlede aan verenigings toegeken is, berus op die ledetal sowel as die aktiwiteite van die vereniging. Dit word weerspieël deur die jaarverslag van die vereniging gedurende die vorige termyn. Die begroting van die betrokke vereniging word ook in ag geneem. Die SR kan beslis nie in alle behoeftes van al die SR-erkende verenigings voorsien nie. Die rede is dat daar net beperkte fondse beskikbaar is. Die meeste verenigings doen egter self moeite om fondse in te samel om hulle begrotings te laat klop.

### NUWE BEDELING

Die Studenteraad is egter bewus van tekortkominge in die huidige stelsel van toekenning. 'n Nuwe bedeling word beplan waarvolgens die verenigings in spesifieke kategorieë ingedeel gaan word. Alle verenigings sal dan heraansoek moet doen om erkenning. Daar word beoog om 'n globale bedrag aan elke kategorie toe te ken wat dan onder die verenigings binne die kategorie verdeel sal word. Hierdie verdeling sal geskied volgens *verdienste* en die aantal studente wat aktief aan die vereniging deelneem. Dit gaan dus nie noodwendig op die aantal ingeskrewe lede berus nie. Beter koördinasie tussen bedrywighede van verskillende verenigings, veral die binne 'n spesifieke kategorie, sal beplan word ten einde oorvleuling uit te skakel.



*Kobus Visagie, SR-lid belas met verenigings.*

Die amptelike kanale om versoeke te rig en probleme te bespreek bestaan nog steeds en is aan alle verenigingsbesture bekend. Geen amptelike klag is gedurende die afgelope termyn ontvang nie.

*La Belle Saison*

*A jeun perdue glacée*
*Toute seule sans ou sou*
*Une fille de seize ans*
*Immobile debout*
*Place de la Concorde*
*A midi le Quinze Août.*

*Starved lost frozen*
*Alone without a cent*
*A girl of sixteen*
*Standing still*
*Place de la Concorde*
*At noon August Fifteenth.*

*Jacques Prévert*
*(Paroles)*

# VAKANSIE OP STELLENBOSCH: BAIE TE DOEN





*Wat gaan jy hierdie vakansie doen? Jou tyd verwyl met 'n koerant, jou boeke en 'n glasie wyn – of gaan jy die oudste dorp en die omgewing beter leer ken?*

STELLENBOSCH bied vir enige student wat 'n vakansie hier deurbring 'n goeie vermaaklikheids- en besigtigingsprogram. Wat doen 'n Matie op Stellenbosch gedurende die September-vakansie? Of moet daar liewers gevra word: Wat soek 'n mens op Stellenbosch gedurende dié vakansie?

Die meer pligsgetroue student bly op Stellenbosch juis om te studeer gedurende so 'n kort vakansie. Maar ongetwyfeld is die oorgrote meerderheid "gestrand" op Stellenbosch. Juis met die stygende lewenskostes, om net brandstof as 'n voorbeeld te noem, is dit nie meer die moeite werd om helfte van die nege dae om te ry na jou bestemming nie. Dit veroorsaak meer en meer Jan Tuisbly-studente.

**ONTWAAK**

Studente met hierdie probleem hoef nie in 'n hoekie te gaan sit en krepeer nie. Waarom probeer hulle nie meer sien van die geskiedkundige dorp nie? Stellenbosch bestaan nie net uit koue klaskamers, harde banke, bitter koffie en Neelsie nie. Word wakker "Drosgoggas" en leer die plek waar jy gevorm word, en 'n lang tyl sal vertoef, beter ken. Dit hang net af van jouself – hoe jý Stellenbosch sien.

**RYK KULTUUR**

Gedurende die kwartaal is ons te gejaagd om die mooi natuurskoon te waardeer of om die vele vermaaklikheidsmoontlikhede in en om Stellenbosch te kan ervaar. Stellenbosch is die oudste dorp in die land. Museums en goedbehoue strate en geboue weerspieël 'n ryk kulturele- en argitektoniese erfenis wat ons innerlik kan verryk.

Sedert die dorp se stigting in 1679 het die naam Stellenbosch sinoniem geword met tafelwyne van hoë gehalte. Dit is dus nie verbasend dat die eerste wynroete, met drie eeue van ons wyngeskiedenis as agtergrond, in Stellenbosch ontstaan het nie. Geleentheid word dus hierdeur aan alle liefhebbers gebied om kennis te maak met die wyne, die kelders en die mense wat die wyn maak. Terwyl u dan ook langs die wynroete ry, kan u ook die natuurskoon geniet. Hierdie landstreek is die tuiste van die Kaaps-Hollandse argitektuur.

Wat kan ons binne en om Stellenbosch besigtig gedurende 'n September-vakansie? Na 'n besoek aan 'n reisagentskap en die Inligtingsburo het dit duidelik geword dat dit onmoontlik is om al die besienswaardighede in een berig saam te vat.

Die vakansie word deur 'n lekker naweek ingelei, en hierdie tyd van die jaar is juis die tyd van lenteblomme en die reuk van braaivleis. Die natuurreservaat in Jonkershoek is 'n ideale plek vir 'n Saterdagmiddagbraai en 'n geleentheid om lui-lekker te ontspan

Die alombekende Wynroete van Stellenbosch bly 'n groot aantrekkingskrag. Die plaas Driesprong waar die Delheim-wyne geproduseer word, is noemenswaardig. Kaas-etes word gedurende die week bedien op die terras van die ou plaashuis met 'n uitsig oor ou Tafelberg. Die keldertoere is ook die moeite werd om mee te maak. Nog 'n weergalose restaurant en landgoed waar goeie wit- en rooiwyne geproduseer word, is die Spier- en Goedegeloof-landgoedere. Die Spier-restaurant was eers 'n ou slawehuis wat nou gerestoureer is. Wyn kan geproe en gekoop word by die Bertrams-Landgoed-Wynmakery in Devonvalley. Verdere inligting is verkrygbaar by die Besoekersburo tel: 3584 Stellenbosch.

Met ons nuwe wynkennis en rooi- en witwyne, is dit nou tyd om 'n restaurant te besoek soos regte "connoisseurs". Dit is as't ware die Stellenbosse Restauranteroete wat ons kan besoek! De Volkskombuis het die atmosfeer van 'n tipiese ou Kaapse kombuis. Die keuse-spyskaart bestaan hoofsaaklik uit tradisionele geregte en u mag u eie wyn saambring. Die Lanzerac is natuurlik al 'n bekende spog eetplek waar die hoogtepunt die bredies is. Besoekers kan ook kaas-en-wyn-, kelder- en patiomiddagetes geniet.

Die September vakansiedae is die "klein somer" en 'n lafenis op die week se warm dae word gevind in die koel waters van Valsbaai. Stellenbosch is mos al lankal bekend met Valsbaai se uitgestrekte strand! Braaivleisplekke is langs die strand en rondawels is spotgoedkoop te huur feitlik op die sand. Wat 'n blink idee om die vakansie mee af te sluit. En wat van 'n Kaapse draai . . .?

Die laaste naweek breek aan. Rustig sluit ons die vakansie af met 'n besoek aan die Wiesenhof-Wildpark. Dit is geleë ongeveer 12 km van Stellenbosch, op die historiese wynplaas Nattevalleij. Die skaduryke piekniekterrein is toegerus met goedversorgde braaivleisplekke, 'n restaurant, swembad en rolskaatsbaan.

Die nuwe kwartaal breek aan. Klasse begin. Stories word uitgeruil en jy besef skielik: Dit was tog nie sό sleg nie. Jou akademie is op datum en wat meer is, jy ken Stellenbosch na dese baie beter. Uiteindelik kan jy jouself identifiseer met Stellenbosch, en is jy nie net nog 'n karakter op die Akker nie.

## *Toetse vs. Pret . . .*

NOG altyd gedink die Bosch is veral bekend vir sy hoë akademiese standaard? 'n Mens se bewondering sal nóg 'n skaal hoër klim wanneer dit aan die lig kom hoé heerlik die Maties "social" in hulle sogenaamde toetsreekse.

Gedurende die naweek sewe tot agt September 1979 was die studente druk besig – en nie met akademiese aktiwiteit nie! Serurria se huisdans het die Gat se planke laat kraak. Blykbaar het die uitbundige gees Minerva se Eerstejaarsdans se orkesleier só geïnspireer dat hy amper glad nie opgedaag het nie. Iemand het glo Simon se manne "rooi" laat sien op hulle informele huisdans.

Pieke se sportman van die jaar het hom blykbaar goed van sy taak gekwyt en dit bly maar een van die prestigefunksies op Stellenbosch. Vrydagaand se sokkie in die alombeminde Gat was letterlik 'n geval van "hoe later hoe kwater". Ná tien het die ywerige toetsskrywers toegesak op die onskuldige Neelsie en menige muurblommetjie van verwelking gered.

Die Reitzsaal het ook goed aftrek gekry en blykbaar byna uit sy nate gebars. Feitlik elke restaurant in Stellenbosch het Saterdagaand flink geld gemaak, maar dit is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die maand nog jonk is. "Bikini-beach" het sy naam hoog gehou met al die jong verleidsters en hulle nog-nie-so-bruin-ledemate-nie.

Die weeklikse halfuur sokkies het na berigte so effens begin rek. Huis ten Bosch kon nie antwoord toe aan hulle gevra is of lentedag se sokkie ooit gestop het na Donderdagaand se "social" nie. Nerina se Wilde Westedans het die manne blykbaar tot groot hoogtes gedryf, maar sommige dames was blykbaar ongelukkig omdat die "cowboys" se wit en swart perde tuis moes bly weens higiëniese probleme. Harmonie en Helderberg se sportdag was weer net die ding om die boeke voor opsy te skuif! !

## *Jonge Juffrou*



Nou ja, nie net is ek by die oulikste spesie op die mooiste kampus nie, maar is 'n ander vriendin (Ter wille van begeleidende omstandighede) met ons.

Lente is met ons en alles wat daarmee gepaard gaan. Helder, oop dae, vars lug, blomme en bowenal: sommer hope liefde.

Tradisioneel is Lente mos die tyd van die jaar dat ou liefdes groei en nuwe liefdes bloei. Ek sê tradisioneel, want as jy mooi terugdink: hoeveel van jou liefdes het werklik hierdie tyd van die jaar ontstaan. Ek gee toe dat die romantiese gevoel nou in die lug is. Dis te verwag, want wie kan anders in so 'n idilliese omgewing soos Stellenbosch, waar die meisies dan ook nog meer moeite doen met hulle voorkoms en selfs vriendelik glimlag vir daardie onbekende outjie. Ook die ouens bly nie agter nie. P.T.-broekies is weer terug en die hare word meer dikwels gewas sodat die son twee keer blinker daarop skyn.

Maar die vraag wat steeds by my spook is of die beheptheid met liefde in die lente nie kunsmatig is nie. Is dit nie deur sekere vrouetydskrifte en skryfsters tot 'n punt van belaglikheid gevoer nie? Miskien sal ek hieroor gestenig word en beskuldig word dat ek die atmosfeer wil demp. (Nooit! ! ) Aan die ander kant hoop ek ek is nie al wat dié mening huldig nie. As jy eerlik teenoor jouself is, sal jy miskien erken dat die hele ding gefantaseer en 'n bietjie oordrewe is.

Ek wil darem vir diegene wat wel 'n Lente-liefde het, geluk en voorspoed toewens. Mag dit gelukkig wees. Vir die wat dalk 'n slagoffer van dié welkome "siekte" gaan word: Hou kop en moenie dat al die atmosfeer jou blind maak nie. Ek hoop dit hou langer as einde Oktober en dat dit nie saam met die blommetjies sal afsterf nie.

**MEJ. MATIELAND**

Ek kon nog nooit verstaan waarom 'n meisie wat 'n bietjie talent en 'n aantreklike voorkoms het, nie aan skoonheidskompetisies wil deelneem nie. Nog minder kan ek dié neiging verstaan as deelname kan beteken dat jy dit vir jou universiteit kan doen. Ek praat spesifiek van ons Mej. Matieland-kompetisie.

Dit sal vir almal betrokke by die organisasie 'n vreugde wees as dit tot ons meisies kan deurdring dat so 'n titel meer as 'n oulike gesiggie behels. In die vorige uitgawe word 'n ietsie van dié uiters belangrike kompetisie vertel. Lees dit gerus – en dink 'n tweede keer voor dat jy weier om deel te neem wanneer jy genader word.

My taak sal verskriklik vergemaklik word indien iemand my kan inlig oor die benaming wat die meisies op hierdie kampus verkies. (Moet net nie met die voorstel van ASTERS kom nie; ek persoonlik verpes dit.)

Ek sit in dié dilemma dat ek nie weet of dit juffrou, dame of meisie is nie. Dit kan selfs 'n heel ander benaming wees vir al wat ek weet. 'n Briefie in Die Matie se posbus sal hierop helderheid gee – hoop ek.

Tot dan moet julle maar die tyd geniet. Onthou net daar is goeters soos toetse en eksamens ook. Ag, eintlik sê ek dit net om myself daaraan te herinner . . .

FOTOGRAWE!
24 UUR
KLEURFILMDIENS,
GRATIS FILM EN
GRATIS VERGROTINGS

CYGNA-ELECTRONICS
TRUSTBANKSENTRUM, STELLENBOSCH, TELEFOON: 3408

## Rhodesiërs in die Kalklig

# NUGTERE DENKE IS HIER NOG DIE WAGWOORD

OP die Stellenbosse kampus het ons met menige "buitelandse elemente" te doen en dit is vir ons lekker om hulle in ons midde te hê. Omdat hul tuisfront sekerlik verskil van die Suid-Afrikaanse samelewing, het ons sommige van hierdie studente, waarvan daar 'n hele aantal op die Kampus is, genader om vir ons die sluier so effens te lig oor die doen en late in die buiteland.

Hennie Blok en Nico Slabber is twee Zimbabwe-Rhodesiërs wat vanjaar vir die eerste keer as ingeburgerde Maties op Stellenbosch gehuisves is. As Afrikaanssprekendes het hul keuse op hierdie universiteit geval omdat die (volgens hulle) liberale denkwyse op die Akker reg in hul kraal pas. Veral die feit dat studente op 'n eie standpunt en denkwyse geregtig is, was vir hulle 'n aansporing om in die Boland te kom nesskop.

### ONKUNDE

Dat albei baie gelukkig voorkom, kan afgelei word aan die trant waarop hulle die plaaslike gasvryheid en hoflikheid aanprys. **Daar is egter een vlieg in die salf, want hulle stem nie heeltemal saam met die politieke siening waarin die universiteit aan alle rasse oopgestel is nie. Ook is die idee van gemengde koshuise 'n bitter pil om te sluk en volgens Hennie is dit "Jammer dat daar deur sommige beweer word dat 'ons' uit onkunde praat, want die verskil tussen teorie en praktyk word reeds in Rhodesië ervaar".**

Daar is 'n groot verskil tussen die sosiale lewe noord van die Limpopo en dié waaraan ons op Stellenbosch gewoond is. Sokkies en langarmdans is totaal onbekend.

"Ek het vir die eerste keer in my lewe met 'n sokkie kennis gemaak en was nogal skrikkerig toe ek my hand moes uitsteek om 'n aster vir 'n dans te vra", het Nico terloops opgemerk en verklaar dat hy baie gelukkiger voel in 'n nagklub met 'n disko terwyl hy en sy meisie "bambadoezy" (styfdans).

### SOSIALE LEWE

Byna alle vorms van sosiale lewe in Zimbabwe-Rhodesië is gekonsentreerd rondom die dienspligtiges. Na afloop van ses weke in die bos ontvang laasgenoemdes gewoonlik tien dae se sg. "Rest and Recuperation", kortweg genoem R&R, wanneer elkeen hom gewoonlik ten volle uitleef in 'n poging om van die oorlogsomstandighede weg te kom. Die eerste aand word gewoonlik in 'n militêre "pub" deurgebring en kry die begrip "to drown your sorrows" meestal slegs tydelike betekenis. Verder word daar gefliek of 'n vinnige draai by die Kariba- en Mc Illwaine-mere gemaak. Casinos bly ook gewild onder die jonger geslag, terwyl Curriebeker-rugbywedstryde deurgaans besonder goed bygewoon word.

**Op 'n vraag om 'n vergelyking te tref tussen die Rhodesiese dames en die van Stellenbosch, was albei dit eens dat die meisies waaraan hulle gewoond is 'n hoër peil van volwassenheid handhaaf en 'n ryker lewensopvatting besit as hul eweknie op Stellenbosch.** Dit blyk ook dat die dienstyd in die Weermag 'n hegter verhouding tussen mans en dames wat vas uitgaan tot gevolg het. Nòg Hennie, nòg Nico wou uitbrei oor die mate waarop beïnvloeding sou plaasvind . . .

### SANKSIES

Die toepassing van sanksies het 'n geringe uitwerking op die sosiale voortbestaan van Jan Publiek. As gevolg van die terroriste se bedrywighede vind byeenkomste oorwegend in die stede plaas. Daar word baie deur die regering gedoen om die welvaart van die bevolking op 'n hoë peil te hou, maar op sommige vlakke heers daar tog 'n effens agterstand. Die keuse van langspeelplate in musiekwinkels is byvoorbeeld baie beperk.


Oor die Universiteit van Zimbabwe-Rhodesië loop die twee se gemoedere sommer hoog. Alhoewel die doserende personeel glo 'n hoë akademiese peil probeer handhaaf, is veral die swart studente se lewenstandaard só laag dat dit onvermydelik die algemene standaard en naam van die universiteit negatief aantas. Dit is 'n moderne kompleks, maar word nie ten volle deur die studente benut nie. Sosiale bedrywighede bestaan feitlik glad nie, terwyl die oorgrote meerderheid swart linkse groep die kampus oorheers.

### DRUIPSYFER

Dit is veral Hennie wat sterk daarop aandring en ten gunste daarvan is dat jong mans éérs militêre opleiding moet ondergaan na skoolverlating, as om direk na matriek die universiteitslokale te kom volsit. **Hy is van mening dat 'n mens baie meer volwasse en doelgerig is nadat die weermag met 'n mens klaar is en maak verder die interessante stelling dat die druipsyfer van eerstejaars dalk sal afneem indien sy mening ter harte geneem sou word.**

Hennie en Nico is dit eens dat die verpligte militêre diens hul uitkyk op die lewe verbreed het – veral as gevolg van die kontak wat hulle met die buitelanders (wat help met die oorlog teen die terroriste) in hul land gemaak het. Hulle is nou meer standvastig wat optrede betref, in 'n sekere mate meer liberaal as voorheen en in so 'n mate selfstandig om in alle opsigte hul eie besluite te neem.

Albei is gelukkig in Suid-Afrika en waardeer al die nuwe sienswyses en standpunte waarmee hulle soms gekonfronteer word.




*Soos alle Rhodesiërs is Hennie Blok voorbereid vir die lang pad.*

## Rondom die wêreld

**Helmy de Boon**, van Hollandse afkoms, vertel dat die Nederlanders versot is op fietsry. Dis só ingeburger dat hulle selfs spesiale fietspaaie het. In die somer ry hul dan graag fiets, terwyl is swem en uitkamp ook baie gewild is Aangesien Nederland se waterrykheid hom uitstekend leen tot watersport, is motorbootry 'n groot aantrekkingskrag.

In die winter dien skaatsry as trekpleister en is dit 'n bymekaarkomgeleentheid vir jongmense. Die tuisblyers is glad nie jaloers op die avontuurlustiges nie, want hulle is versot op TV-kyk by die kaggelvuur.

**Martin Oosthuizen** vertel dat die hoë lewenskoste in Japan, asook die gebrek aan ruimte, buitemuurse bedrywighede kortwiek. So bedra dit etlike duisende rande per jaar om lid van 'n gholfklub te kan wees. Japan het egter 'n uiters bedrywige naglewe, en slaap is beslis nie hul eerste belang nie!

**Christian Jelinek** het so pas uit Oostenryk – meer spesifiek Wenen – teruggekeer en vertel dat daar nie veel sprake is van 'n kampuslewe nie. Disko's is baie gewild en daar is nie spesifiek kampusdanse nie. Dis geïntegreer met die stad en die stedelinge meng dus heeltemal met die studente. Dieselfde geld ook vir die sport, waar studente eerder saam met hul ouers of vriende gaan deelneem as met mede studente. Oostenrykers is baie kultuurbewus en teaters lok baie mense.

**Susan Ziehl** het 'n jaar by 'n skiskool in Rougemont, Switzerland, deurgebring, waar sy Frans wou leer. Volgens haar is die mense baie sportbewus en ry babas daar op sleë in plaas van stootwaentjies! Hulle stap graag ver ente in die woude, swem graag en vanselfsprekend is ysskaats baie gewild. Die ouer mense is baie aktief en dit is niks ongewoons om 'n tagtigjarige man op ski's te sien baljaar nie.

Op naweeksaande trek die mans almal saam in die hotelle, waar hulle drink en jodel in 'n rustige atmosfeer. Die Switsers is ook baie huisvas en gesteld op hul huise en die versorging daarvan. Die mense is baie trots op hul families en dorpe – so erg dat daar spesiaal vlae by die huise is wat gehys en gestryk word wanneer die man uit en tuis is!




*Susan Ziehl toon haar vaardigheid in die Switserse sneeu.*

## ONDER DIE SOEKLIG

HOEVEEL van die duisende studente wat vandag by die J.H. Marais-standbeeld verby stap en duisende ander wat reeds die universiteit verlaat het, weet iets van daardie persoon en wat hy alles vir ons universiteit gedoen en vir Stellenbosch beteken het?

Die Standbeeld is in 1950 tussen die Universiteitsgeboue op die Jan Maraisplein opgerig. Op die voetstuk staan die woorde: J.H. MARAIS – ONS WELDOENER.



### BEURSFONDS

Volgens berekeninge het reeds ongeveer vierduisend verdienstelike en behoeftige studente beurslenings uit die bepaalde beursfonds ontvang sedert dié Weldoener in 1902 geld vir studiedoeleindes beskikbaar gestel het. **Met sy afsterwe in 1915 het sy testament tweehonderd duisend rand vir 'n universiteit op Stellenbosch afgesonder. Die Universiteit van Stellenbosch het as gevolg van hierdie groot skenking 'n werklikheid geword en het in 1918 oktrooi ontvang.**

Johannes Henoch Marais is op die plaas Coetzenburg aan die oewers van die Eersterivier op 8 September 1851 gebore. Hy was die jongste in 'n gesin van tien kinders. As kind was die familieplaas vir hom die paradys waarin hy sy verbeelding onbeperkte mag kon gee. Sy ouerhuis, die plaas en die kerk het meegehelp in die vorming van sy karakter en met die ontwikkeling van 'n innemende persoonlikheid. Hy het verder die Gimnasium op Stellenbosch besoek. Hierdie opvoedingsentrum was die voorloper van die Victoria-kollege wat ook die weg vir die huidige universiteit gebaan het.

### DELWERYE

Die grense van die plaas het mettertyd te beperkend vir hierdie dinamiese man geword. Gevolglik het hy en sy drie broers in Augustus 1870 na die Vaalrivierdelwerye gegaan. Daar moes hulle meeding met die horde uitlanders en fortuinsoekers. Die daad- en werkkrag van die vier broers en die praktiese vernuf en breinkrag van die jongste broer en hul getrouheid aan mekaar was die waarborg vir hulle suksesvolle optrede met die diamantwerksaamhede. Hulle het ook aandeelhouers in die De Beers Consolidated Mines geword.

Jannie Marais het in 1892 na Stellenbosch teruggekeer en sy moeder se plaas gekoop en met die boerdery voortgegaan. In 1899 het hy Stellenbosch in die ou Kaapse Parlement verteenwoordig tot die dag van sy dood toe.

Stellenbosch, maar veral ook ons bevoorregte studentegemeenskap, kan gerus soms met nuwe oë opkyk na die Marais-standbeeld op die plein. Hy is 'n goedige oubaas wat selfs met karnaval sy plek op die Akker kan volstaan!

**HAUM**

*Die student se boekwinkel*

Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600

TEL. 4440 2906

Posbus 343

# 1976 – Opstand was die begin van einde: Du Toit

DIE algemene opstand van die swart meerderheid in Junie 1976 was, vanuit 'n wit perspektief gesien, die skrif aan die muur, die begin van die einde en presies waarvoor die blankes altyd bang was, het dr. A.B. du Toit, van die Departement van Staatsfilosofie, op 'n SAAK-vergadering gesê.

Soweto, en die paniek wat dit veroorsaak het, lê reeds drie jaar in die verlede. Dit is egter nog nie afgehandel nie en kan nie as deel van die geskiedenis beskou word nie. Die orde kon tydelik deur



DR. ANDRÉ DU TOIT



DR. ALAN BOESAK

optrede herstel word, maar vroeër of later is dit weer so.

Daar is ook geen voor-die-hand-liggende politieke betekenis verbonde aan die opstand nie. Die aksent van geweld lê verkeerd en skep 'n misleidende beeld by die blankes. Is dit korrek as die gewelddadige beeld lê van die swart kant na die wit kant, terwyl 700 swartes dood is en slegs twee blankes?

Dr. Du Toit het voorts gesê dat daar een uitsonderlike kenmerk was wat nog nooit voorheen voorgekom het nie nl. die betrokkenheid van die jeug by die opstand. Vanaf 1970 tot 1975 was daar 'n verdriedubbelilng van die aantal leerlinge in swart skole. Hulle was almal kinders van apartheid wat byna volledig in 'n swart Suid-Afrika leef. Daar het hulle 'n sosiale en politieke bewussyn ontwikkel sonder dat hulle ooit buite Soweto geleef het. Hulle moes die werklikhede van swart Suid-Afrika met sy armoede en beperkings ervaar. Hierteenoor sien hulle ryk wit Suid-Afrika met al sy voordele.

**Die gevolge van die opstand en die lesse wat daaruit geleer is, was verreikend vir die swartman:**

1. Die swart jongman het sy politieke onskuld ten opsigte van die wit magstruktuur verloor. Hy behou nog sy aspirasies, maar ons sal nie gou weer sulke politieke moed kry nie.
2. Die opstand het 'n bevrydende en bevestigende simbool geword. Dit was 'n positiewe gebeurtenis waardeur die swart man gewys het dat hy hom nie meer in sy eie land laat slegsê nie. 'n Nuwe situasie het nou ontstaan deurdat die ouer geslag nou kyk na die jeug om politieke leiding.
3. Die wit magstruktuur is nooit wesenlik direk in gevaar gestel nie. Die staat kon dit met behulp van die polisie en die verbanning van organisasies maklik beheer. Wit Suid-Afrika het ongeskonde daar uitgekom.

Die implikasies van die opstand hou egter twee teenoorgestelde gevolgtrekkings in, afhangende uit watter oogpunt dit beskou word.

Vir die staat beteken dit die ordelike inkorporasie van die swartes en die verskaffing van werksgeleenthede, fasiliteite en politieke regte op 'n ordelike manier. Vir die swart gemeenskap beteken dit die uitbouing van die nodige leierskap en die organisering van hulle aspirasies.

Dr. Du Toit het afgesluit met die waarskuwing dat die kloof oorbrug sal moet word indien daar 'n toekoms wil wees vir die wit jeug én die swart jeug.

Dr. Alan Boesak, verbonde aan die Universiteit van Wes-Kaap, het voorts die invloed van die opstand op die swart jeug bespreek. Hy het beklemtoon dat die deelname aan die opstand 'n doelbewuste en besliste keuse was.

In die Kaap het die Kleurlinge die hoofrol gespeel. Vir hulle was dit die onherroeplike afskeid van die ou droom. Daar is nooit meer die moontlikheid om terug te keer na die situasie voor 1976 nie.

wussyn was, het nou werklikheid geword. Die opstand was die enigste werklike keuse wat hulle gehad het. Die politieke houding het heeltemal oorgegaan in wantroue. Binne die swart gemeenskap is daar 'n groeiende groep mense wat nie meer bereid is om te praat nie.

Die kerk en die ouer geslag word nie meer met dieselfde eerbied bejeën as vroeër nie. Die goeie dae is verby. Die kerk het ook 'n rol te speel en daar is slegs eerbied in die mate wat die kerk homself betrokke sien in die stryd om die bevryding van die swartman. Die ouer gemeenskap is ook sedert 1976 geradikaliseer en nuwe rigtings word nou ingeslaan.

Die jeug het nou besef wat dit beteken om met die magstruktuur te bots. Hulle het 'n grondige wantroue in die regering en in die blankes in die algemeen. 'n Duidelike politieke toekoms is egter vir hulle uitgestip. **Daar bestaan geen moontlikheid meer dat die Kleurlinge by die blankes ingeskakel kan word nie.**



*SAAK het onlangs sy jaarvergadering gehou. Op die foto verskyn die nuwe bestuurslede. Voor, v.l.n.r.: Andrew Corbett, Coenraad Pieterse (voorsitter), Magdalena Mouton en Steven Georgala. Agter v.l.n.r.: Dieter Koelenkampf, Kobus (Willem) Pienaar, Murray Bridgeman, John van Breda en Pieter van Niekerk.*

# ILSE VERLAAT MATIELAND

**EEN van die kleurrykste figure in die studentelewe op Stellenbosch, Ilse Treurnicht, verlaat Matieland vandeesweek.** Hierdie artikel is bedoel om 'n breë oorsig te gee van dit wat sy op Stellenbosch bereik en tot stand gebring het.

Reeds op skool het mej. Treurnicht uitgeblink. Benewens haar 7 onderskeidings in matriek (1973), stel sy die Suid-Afrikaanse 800 meter rekord vir meisies onder 16 op en in 1972 was sy lid van die wenspan van die Lindense Hoërskool by die landwye debatskompetisie van die Junior Rapportryers.



*Ilse Treurnicht, bekende studenteleier van Stellenbosch, vertrek môre na Brittanje waar sy aan die Universiteit van Oxford verder gaan studeer.*

Op Stellenbosch het Ilse onmiddellik haar leierspotensiaal getoon en as openbare figuur op Stellenbosch het sy kwalik haar gelyke gehad.

Aan die einde van haar tweede jaar, was sy primaria van Minerva. In haar derde jaar behaal sy die grootste aantal stemme in die SR-verkiesing, 'n prestasie wat sy in 1978 herhaal het. In 1977 was sy ook lid van die Uitvoerende Komitee van die SR en het ook ere-kleure ontvang. Haar weglating uit die UK in 1978 het byna 'n monstervergadering tot gevolg gehad.


Tydens die debat oor die rol van die SR verlede jaar, het Ilse voortdurend 'n leidende rol gespeel. Sy was deel van die minderheidsgroep op die SR wie se standpunt later duidelik deur die studenteunie ondersteun is. In April verlede jaar, het sy op grond van haar oortuiging uit die SR bedank. Uiteindelik is sy oorweldigend gesteun in haar standpunt dat die SR ook polities kreatief moet wees. Die gevolge van Ilse se toegewyde aksie van 1978 is nou duidelik te sien in die aktiwiteite van die SR.

Vroeër vanjaar was sy een van die slegs twee cum laude studente vir die graad M.Sc.

In Julie vanjaar was sy Amerika toe op 'n studietoer van 'n maand, nadat sy 'n I.C.A.-toekenning verwerf het. Sy vertrek aanstaande week na Engeland met 'n Rhodes-beurs vir studie aan die beroemde Balliol-college te Oxford.

*Bogenoemde is voldoende bewys dat Ilse Treurnicht een van Suid-Afrika se toppresteerders is. Die Matie het besluit om juffrou Treurnicht voor te stel as kandidaat vir die Papillon Jong Ster-toekenning. Ons het volle vertroue in haar kandidatuur – Red.*

# TOPPRESTEERDER KRY R20 000




Elke jaar word deur middel van die Papillon Jong Ster-toekennings erkenning gegee aan besondere prestasies van agt jong vroue in Suid-Afrika, wat op pad is na die hoogste sport in haar gekose loopbaan of belangstellingsrigting. Elkeen sal 'n kontantprys van R2 500 asook die indrukwekkende Papillon Jong Ster-trofee ontvang. Geen voorwaardes is aan hierdie pryse verbonde nie, maar ons hoop die kontantpryse sal aangewend word vir verdere studie of bevordering van die wenners se belangstellings.

Die toekennings word in vyf vasgestelde en drie oop kategorieë aangebied. Die vyf vasgestelde kategorieë is op die gebied van die sakewêreld, kuns- en modewêreld en vir die vrou in die nuus en die matrikulant van die jaar. Die drie ander kategorieë dek alle ander vroulike beroepe en belangstellings. Met die uitsondering van die kategorie vir die matrikulant, kan studente, voor- sowel as nagraads, in enige kategorie deelneem.

**Die Papillon Jong Ster-toekennings is reeds bestempel as 'n daadwerklike stap in die rigting van die erkenning van die belangrike rol wat vroue deesdae op alle gebiede van die Suid-Afrikaanse lewe vervul.**

Jong vroue van alle rasse in Suid-Afrika wat op 31 Desember 1979 jonger as 35 is kan aan die 1979-reeks deelneem. Nader besonderhede en inskrywingsvorms is verkrygbaar van Die Organiseerders, Papillon Jong Ster-toekennings, Posbus 6689, Roggebaai, Kaapstad 8012.

# Nuwe leermetode ontwikkel

DIE Instituut vir Taalonderrig aan die Universiteit van Stellenbosch ondersoek tans die moontlikhede van 'n nuwe leermetode wat in Bulgarye ontwikkel is en wat, volgens gebruikers daarvan agter die Ystergordyn én in Westerse lande, 'n leerling in staat stel om drie jaar se leerwerk in slegs drie maande baas te raak.

Die direkteur van dié Instituut, dr. D.H. van der Vyver, het 'n videoband van die onderrigmetode tydens 'n uitgebreide studietoer verlede jaar in New York bekom. Op die videoband word onder meer gewys hoe 'n Frans-klas in Moskou met dié metode onderrig word. Dit bevat ook 'n opname van 'n onderhoud wat tydens 'n konferensie in Washington, D.C., gevoer is met die uitvinder van die metode, prof. Georgi Lozanov, 'n psigoterapeut van Sofia in Bulgarye.

Albei opnames op die videoband is gemaak deur 'n Amerikaner van Russiese afkoms, mnr. Dimitri Deviatkin, met wie dr. Van der Vyver in New York 'n onderhoud gevoer het nadat hy in Montreal van hom te hore gekom het. Mnr. Deviatkin is self 'n groot voorstander van die Lozanov-onderrigmetode.

Met dié onderrigmetode word veral klem gelê op 'n ontspanne atmosfeer. Hoewel die onderwyser of dosent baie goed toegerus moet wees, hoef die skoliere of studente hulle nie uitermate in te span nie. Hulle sit in leunstoele in 'n ontspanne atmosfeer en leer (of absorbeer) deur middel van suggestie, rolspeletjies, dramatisering en die gebruikmaking van die kunste om sogenaamde totale kommunikasie te bewerkstellig.

Die voorstanders van die metode beweer dat skoliere of studente nie net die materiaal maklik baasraak deurdat doelbewuste pogings om te memoriseer grootliks uitgeskakel word nie, maar dat deelname aan dié leerproses ook tot gevolg het dat senuhoofpyne en allerlei ander spanningstoestande verdwyn — omdat gesonde aansluiting by die groep bewerkstellig word.

**Die Matie**

Vrydag, 7 September, 1979

# Die pad is nog lank

'n REEKS van verwikkelings mag Stellenbosch dalk uit sy apatiese leunstoel ruk. Die studenteraad het reeds met mag en mening ingeklim; soveel so dat die weerklanke reeds die pers bereik het voordat 'n woord daaroor gerep is binne die vier mure van die raadsaal. Dit lyk asof die nuwe inisiatief, met enkele uitsonderinge natuurlik, gunstig aanvaar word. Stellenbosch wil die touleier wees en moet met verantwoordelike openheid die probleme van die toekoms in die gesig staar.

Net soos in die geval van die regering se onlangse optrede, steun die SR se voorneme om kontak met ander studente te maak, grootliks op ideale en konsepte wat moeilik in die praktyk deurvoerbaar is. Die jongmens wil weet tot watter mate hierdie beloftes en voornemens prakties implementeerbaar is. Dit is belangrik om te weet of dit gaan werk.

Die SR het homself verbind tot beter kontak met ander studente. Die Raad besef klaarblyklik dat die Suid-Afrikaanse jeug se toekoms in Afrika lê – kontak en samewerking met kampusse buite die grense van ons land word voorop gestel. Die probleem lê egter in die toepassing van hierdie voorneme. Dit is te betwyfel dat vordering moontlik is indien daar nie daadwerklik opgetree word nie. Kontak met buitelandse kampusse kan alleenlik plaasvind wanneer die verhouding tussen studente binne die grense van Suid-Afrika gesond is. Weens 'n politieke bestel wat tot isolasie van die verskillende belangegroepe, selfs onder die jongmense, gelei het, sal dit heelwat energie en deursettingsvermoë van die leiers van Stellenbosch verg om hul planne om nouer betrekkinge met ander studente aan te knoop, deurgevoer te kry.

'n Enorme kommunikasiegaping moet oorbrug word. Van gemeenskaplike belange is daar min sprake. Dit sal die SR se plig wees om die raakpunte so fyn te sny dat sekere basiese vertrekpunte tot stand gebring kan word. Die gaping, selfs tussen Afrikaner-kampusse, is van so 'n aard dat 'n vertrouensbreuk maklik kan ontstaan. Binne 'n radius van vyftig kilometer van Stellenbosch af is daar twee buur-universiteite. Stellenbosch se verhouding met hierdie kampusse is, om die minste daarvan te sê, betreurenswaardig.

Verlede jaar se flater, toe die SR direk verantwoordelik was vir die verbod op die publikasies van die Universiteit van die Witwatersrand en die Universiteit van Kaapstad is nog vars in die geheue. Die ASB-referendum op Stellenbosch is nog lank nie vergete nie. Dit sal die SR se hoogste prioriteit moet wees om 'n toestand van welwillendheid te skep waarop daar voortgebou kan word.

welwillendheid te skep waarop daar voortgebou kan word.

Dit is dus verblydend om te sien dat die Studenteraad besluit het om hom nie in te meng met die huishoudelike sake van ander universiteite nie. Die konsekwente toepassing van hierdie beginsel kan net goeie vrugte afwerp.

Matieland sal die inisiatief moet neem. Sy onverbondenheid, asook sy relatief verligte beeld in die studentepolitiek, verleen aan Stellenbosch 'n unieke posisie om links en regs bymekaar te bring.

Laat ons hoop dat almal met 'n realistiese siening, sonder om te kategoriseer, links of regs, radikaal of verkramp, die pad vorentoe sal aandurf. Deur 'n gevoel van vertroue in en samewerking met mekaar, kan ons die kommunikasiegaping oorbrug.


## REDAKSIE 1979

HOOFREDAKTEUR: KOBUS PIENAAR, Concord 24 (tel 73845)(Redaksiekantoor tel nr 5979)
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: COENRAAD PIETERSE, Eendrag (tel 2136/7/5)
AKTUELE REDAKTEUR: FRANCOIS VAN DER MERWE, Huis Marais (tel 2234)
ADVERTENSIE BESTUURDER: PIETER VAN NIEKERK, Eendrag (tel 2101)
TAALREDAKTEUR: KOBUS LOUW, Huis Slabber (tel 2100)
INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR: LEROI STEENKAMP, Dagbreek (tel 3633)
KUNSREDAKTEUR: ERIKA VAN ROOYEN, Hoflaan 14 (tel 6330)
NUUSREDAKTEUR: ANTON KRUGER, Jonkershoekweg 29 (tel 3527)
SOSIALE REDAKTEUR: IAN THERON, Silvertrees (tel 2122)
SPORTREDAKTEUR: ARI OBERHOLZER, Majuba 305 (tel 2010)
SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊR: K. SIEBERHAGEN, Eendrag (tel 2101)
SUB-REDAKTEUR, KUNS: J. DE V. PIENAAR, Huis Visser (tel 2086)
SUB-REDAKTEUR, NUUS: DEON LOUBSER, Stellenbraak en A.D. VAN NIEKERK, Hoflaan 12 (tel 5243)
SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL: E. UYS, Eendrag (tel 2101)
SUB-REDAKTEUR, SPORT: ANNE-LISE LAMONT, Nemesia (tel 7150) en B. ZIETSMAN, Eendrag (tel 2101)
HOOFFOTOGRAAF: MARIUS GREEFF, Van Riebeeck 40 (tel 4349)
INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS: J.J. Nortier, S.F. Saaiman, D.M. Jacobs, H. Greyling, F. du Bois.
KUNSVERSLAGGEWERS: L. Maas, A. Rossouw, L. Jacobs, R.M. Sater, K. Vermeulen, E. van Niekerk.
NUUSVERSLAGGEWERS: F. de Jager, J.W. Roos, P. Stais, P.van Niekerk, R. Kotzé, C.L. van Schalkwyk, T. Swart, J.A. Marais, C.F. Nicholson.
SOSIALE VERSLAGGEWERS: A.J. Mouton, L. Odendal, K. Herselman, M. Alexander, C. Engelbrecht, A. du Toit, P. du Toit, R. Loubser.
SPORTVERSLAGGEWERS: H. Volkman, N.E. Lambrecht, E. Lourens, A. Viljoen, J.E. van der Spuy, J.J. Spamer, H. Oosthuizen.
SPOTPRENTTEKENAARS: Thomas Tyler, Koos Botha.
FOTOGRAWE: W. van der Westhuizen, C. Sippel, C. Fouché.
SEKRETARESSE: SANDRA VENTER, Mooi Annie, H/v Bosman en Victoriastr (tel 6523)


# Uit die Studenteraad



FRANCOIS VAN DER MERWE

DIE SR het op sy mees onlangse vergadering getoon dat hy van voornemens is om sy stem te laat hoor in studente-politiek. 'n Breedvoerige Verklaring van Voorneme is eenparig aanvaar waarin die Raad vir homself duidelik riglyne neerlê vir kontak met Suid-Afrikaanse studente en studente in Afrika. Hierdie verklaring is reeds gunstig in die pers en deur politieke leiers ontvang.

Alhoewel die verklaring geneig is om baie hoë ideale te stel, en die waarde daarvan eintlik bepaal sal word deur die mate waarin daar uitvoer gegee sal word daaraan, is dit sekerlik een van die belangrikste stukke wat nog ooit aanvaar is deur 'n SR op Stellenbosch. Die SR verklaar aan die begin dat hy homself toenemend sal beywer om Afrikanerskap as 'n kulturele begrip te beskou en te bevorder. By implikasie veronderstel dit dus dat die Afrikaner, met behoud van sy kultuur, gewillig moet wees om op te gaan in gesamentlike strukture met mede-Suid-Afrikaners eerder as om ook polities eksklusief te beweeg. Die SR verklaar verder dat ons toekoms in Afrika lê en hy daarom kontak met studente in ander Afrikalande moet nastreef.

Die SR verbind homself tot die bevordering van kontak tussen alle studentegroepe in S.A. op 'n grondslag van wedersydse respek en gelykheid. Hoe die SR van plan is om 'n basis van gelykheid tussen alle studentegroepe te bewerkstellig is nie duidelik nie. Die huidige parlementêre struktuur word ook deur die SR verwerp en word dit gestel dat 'n nuwe bedeling op gelyke grondslag uitgewerk sal moet word deur die leiers van die onderskeie groepe in Suid-Afrika. Hierdie oënskynlike aanvaarding van die beginsel van 'n nasionale konvensie, voorspel iets goed vir die toekoms, alhoewel dit skynbaar nog 'n rukkie sal neem om dit by die huidige regering en sy volgelinge tuis te bring.

Die Verklaring van Voorneme verdien ernstige oorweging van beide Maties en ander studente. Dit impliseer en bevat die wilsoortuiginge waarvan die Afrikanerjeug en trouens die Suid-Afrikaanse jeug nie langer durf wegskram nie. Daar word van harte gehoop dat die SR sal slaag in sy implementering van hierdie belangrike beginsels.

### HK-KANDIDATE

In 'n mosie wat met die onheilspellende stemverdeling van 7–6 aanvaar is, veroordeel die Raad die inkonsekwente en onoordeelkundige keuring van Huiskomitee-kandidate deur die Universiteitsowerhede ten sterkste. Daar word aangevoer dat indien die kwessie van hertoelating tot 'n koshuis die motivering was vir die keuring van kandidate op akademiese gronde, dit onverstaanbaar is waarom privaatwyke se kandidate ook gekeur is. 'n Aanbeveling dat HK-kandidate aan geen keuring op akademiese gronde onderwerp word nie en slegs op dieselfde wyse as ander studente vir hertoelating in koshuise gekeur word, lok wye bespreking uit. Wat ook al die uiteindelike oplossing vir hierdie probleem sal wees, is dit goed dat die SR die aandag gevestig het op 'n kwessie wat veral met die pas afgelope reeks van HK-verkiesings, dikwels ontevredenheid veroorsaak het.

### BEMOEIING

In die derde belangwekkende mosie van die betrokke vergadering, onderneem die SR om hom nie te bemoei met die huishoudelike aangeleenthede van ander universiteite in sy interuniversitêre skakeling nie. Of dit sou beteken dat sodanige bemoeiing steeds gepas sou wees wanneer daar geen interuniversitêre skakeling plaasvind nie, is onduidelik. Hoe dit ook al geïnterpreteer moet word, omvang dié mosie duidelik die veroordeling van die studentekoerante van Ikeys en Wits in die vorige termyn. Dit lyk of die SR 'n les geleer het uit die skadelike reaksie wat gevolg het op die uiteindelike verbanning van die betrokke publikasies. Ook in die lig van die Verklaring van Voorneme moet daar veel eerder gesoek word na die gebiede van gemeenskaplikheid eerder as verskil in die skakeling met ander kampusse.

# NEELSIE STEEDS MEER BELANGRIK

**MATIE — GESPREK**

FRANCOIS VAN DER MERWE GESELS MET



MNR. PRETORIUS

DIE *Matie* het vandeesweek met die Administratiewe Hoof van die Langenhoven-studentesentrum, mnr. H.S. Pretorius gaan gesels. Mnr. Pretorius beklee reeds hierdie pos sedert die opening van die Sentrum in Oktober 1975 en het dus die aanvanklike groeipyne van hierdie onderneming ten nouste meegemaak. In die lig van die toenemende belangrikheid van Neelsie vir die studentegemeenskap, is mnr. Pretorius gepols vir sy siening oor 'n aantal belangrike sake.

*Vir wie is die LSS in die eerste plek bedoel en hoe beïnvloed dit die bestuur van die Sentrum?*

In die eerste plek is dit daar vir die studente. Jou studente maak ook die meeste daarvan gebruik. Ek dink egter nie 'n mens kan jou universiteitsgemeenskap, wat dan ook die personeel insluit, uitskakel nie, want hulle maak ook daarvan gebruik. Jou Universiteit se amptelike funksies maak daarvan gebruik, jou sportafdeling maak daarvan gebruik wat, alhoewel daar studente by die sport betrokke is, nie net 'n suiwer studente-aangeleentheid is nie. Die hele universiteitsgemeenskap trek dus voordeel uit die Sentrum.

*Sou dit beteken dat wanneer lokale bespreek word, die personeel en administrasie van die Universiteit ook maar in die tou moet inval en 'n beurt afwag?*

### BESPREKING

Daar is geen voorkeurbespreking nie. Wanneer 'n persoon 'n saal kom bespreek vir 'n spesiale geleentheid, kry die persoon wat eerste sy vorm in het, die saal. Dit kan nie gebeur dat as 'n student 'n lokaal bespreek en 'n personeellid kom en sê maar ons wil ook daardie tyd 'n funksie aanbied, ons kan omdraai en sê die student moet nou sy bespreking prysgee nie. Dit het nog nooit gebeur nie.

### GESLUIT

*Die Sentrum is onlangs heeltemal gesluit tydens 'n funksie in die Gat waarby min studente betrokke was. Hoe is dit te vereenselwig met die beginsel dat die LSS in die eerste plek vir studente is?*

Ja, dit is so dat die Sentrum wel gesluit was deurdat ons vooraf kennis gegee het hiervan. Nou moet 'n mens dit sien dat dit 'n spesiale geleentheid was. Dit het nie hier gegaan om die uittredende Rektor nie, maar dat dit 'n geweldige groot funksie was wat op geen ander plek behalwe in die Danssaal gehou kon word nie. U sal met my saamstem dat dit 'n besondere geleentheid was en 'n mens seker sou wou gehad het dat die Sentrum baie stil moes gewees het vir die aand. Dieselfde het al gegeld waar die studente die Mej. Kampus-wedstryd hier aangebied het en die Sentrum ook by daardie geleentheid gesluit was omdat die studente 'n besondere geselligheid aangebied het en nie die lawaai van die TV en ander gebruikers van die Sentrum, wou hê nie.

*Studente kla dikwels dat die Sentrum se kombuis 'n absolute monopolie op spyseniering het terwyl hulle by geleenthede eerder self die spyseniering vir bv. onthale sou wou gedoen het.*

### MONOPOLIE

Ek sou nie sê dit is 'n monopolie nie. Die beleid van die Sentrum is dat dit self die spyseniersdienste moet doen. Dit is ookal by verskeie geleenthede aan hulle verduidelik dat omdat die Sentrum op 'n nie-wins basis bedryf word, ons net ons kostes moet verhaal. Ten einde die personeel van die Sentrum te besoldig moet daar 'n sekere bruto-wins op spyseniering geneem word. Ons laat wel toe dat studente in 'n beperkte mate self dinge kan bring. Ons het al onthale gehad waar 'n studente gesê het ek duik self en het baie kreef, kan ek dit nie bring nie? Kreef is vandag 'n baie duur item sodat ons hom toelaat om dit te bring. Ons laat ook drankskenkings toe. Die hele gedagte is egter dat die Sentrum self die spyseniering moet doen sodat hy sy oorhoofse koste kan delg.

### STEREOTIEP

*Die argument is egter dat die spyskaart gou stereotiep raak en daarom na een of twee onthale onbevredigend is. 'n Bietjie vernuwing sou daarom 'n goeie ding gewees het.*

Ons is tans besig om te kyk na die spyskaarte. Enige spyskaart, selfs in 'n vyfsterhotel, sal na 'n maand stereotiep raak. 'n Mens word natuurlik beperk deur fondse. 'n Kaartjie vir 'n onthaal kos argumentshalwe R6 sodat daar R3 per student is. Wat kan 'n mens vandag vir R3 aanbied? As die spyskaart duurder kon gewees het, sou jy ook 'n groter variasie kon hê. Jy poog dus om dit so goedkoop moontlik vir die student te maak.

### GENIET

*Geniet u dit om die LSS te bestuur?*

As ek baie eerlik moet wees – ja Vir my gaan my werk nie net om die bestuur van die Sentrum nie. Ek het self eers admissie studeer, maar dit het so gekom dat ek nie daarmee kon voortgaan nie. Ek sien my werk as bestuurder nie net in die bestuur van die Sentrum nie, maar ook as 'n roeping. Na my mening het elke persoon, dit maak nie saak watter beroep hy vandag het nie, 'n verantwoordelikheid en 'n roeping. Daarom geniet ek dit om met studente te werk.

# SR leer kuns van goeie leierskap

DIE Matie-SR het die naweek van 7–9 September 'n baie suksesvolle kamp in die vorm van 'n leierskapseminaar in die Strand gehou. Die aanbieders van die seminaar was prof. J. Cawood, dr. Malan en mnr. Kapp van die Departement van Opvoedkunde.

Die doel van hierdie kamp was: (i) Om SR-lede te oriënteer t.o.v. leierskap sodat hulle verstaan wat bedoel word met die wete en veral die kuns van leierskap; (ii) Om SR-lede vertroud te maak en vaardigheid te gee in leierskapkundighede soos besluitneming en probleemhantering; (iii) Om mekaar en van mekaar te leer. Al dertien SR-lede het die kamp bygewoon en hulle kon mekaar dus goed leer ken. Hierdie kennis van mekaar kan later in die SR se termyn van groot waarde wees veral wanneer daar krisisse oor geskilpunte sou opduik; (iv) Om 'n waardebesef vir spanwerk te ontwikkel; (v) Om saam te besin oor die problematiek van 'n SR. Probleemvelde van die vorige termyn is uitgelig deur die vyf lede wat op die vorige SR gedien het. Daar is besin oor die lae stempersentasie in die SR-verkiesing, die heftige kritiek op die SR, ens.; (vi) Om SR-aktiwiteite vir 1979/80 te beplan. Daar is veral klem daarop gelê dat elke lid sekere doelwitte moet stel t.o.v. sy spesifieke portefeuljes. Hierdie doelwitte sal op die eerste vergadering na die vakansie ter tafel gelê word en aan die einde van die termyn sal elke lid moet verslag doen oor wat hy bereik het ten opsigte van hierdie doelwitte; (vii) Om groter openheid en bereidheid tot selfontwikkeling by SR-lede aan te moedig.

### BESPREKINGS

Interessante besprekings is gevoer rondom bepaalde onderwerpe soos, byvoorbeeld, leierskapstyle (die intellektuele leier, die charismatiese leiers ens.), leierskapsteorieë (demokratiese leier, outokratiese leier ens.), probleemoplossing en konflikoplossing. Die kennis wat tydens hierdie besprekings verkry is kan later in die termyn van groot waarde wees.

Mnr. Hilgard Bell, SR-voorsitter, het die doel en resultate van die kamp soos volg opgesom: "Die groot doel van die kamp was nie om leiers te maak nie, maar om die idee dat ons as 'n span moet saamwerk te ontwikkel. Ons het mekaar beter leer ken en dit kan meebring dat ons met groter vrymoedigheid met mekaar in gesprek kan tree. Verder het ons die probleme van die SR se werk en die swak en sterk punte van die vorige SR-termyn ontleed en 'n manier probeer vind om die swak punte uit te skakel en die sterk punte te ontwikkel. Ek glo dat die kamp in 'n groot mate in sy doel geslaag het."

### KAMP 'N SUKSES

Mnr. Frans Roelofse, onder-voorsitter van die SR, stem met mnr. Bell saam dat die hoofdoel was om mekaar te leer ken. Hy glo ook dat die kamp 'n sukses was.

Mnr. Deon de Kock, tesourier van die SR, het ook baie positief kommentaar gelewer op die kamp. Hy beveel so 'n leierskapseminaar sterk aan by alle huiskomitees en Verenigingskomitees.

Dit wil dus voorkom of die SR baie gebaat het by die seminaar en slaggereed is vir die groot taak wat op hulle wag.







*Prof. J. Cawood op die linkerkantse foto beklemtoon hier iets gedurende die onlangse SR-leierskapseminaar, wat in die Strand aangebied is. Bo, regs, luister v.l.n.r. Magdaleen Kruger, Hennie Roos en Hilgard Bell (SR-voorsitter) aandagtig na 'n spreker. Regs onder geniet die SR 'n ete saam met die Rektor, Prof. de Vries en ander ere-gaste.*

# FOKUS KIES BESTUUR

FOKUS, Stellenbosch se fotografieklub, het onlangs sy bestuur vir die 1980-termyn saamgestel. Die bestuur is as volg:

Johan Steyl: Voorsitter
Trevor Roberts: Onder-voorsitter
Theo van Niekerk: Tesourier
Marié Fritz: Sekretaresse
Ettienne Nortjé: Kompetisiesekretaris
Rudolph Young: "Workshops"
David Frost: Inter-universitêre skakeling.

Mnr. Colin Edwards is Fokus se ere-president.



*Johan Steyl, Voorsitter Fokus*

# Nell nuwe dekaan van Opvoedkunde

DIE Raad van die Universiteit het die aanstelling van prof. W.L. (Billy) Nell as heeltydse dekaan van die fakulteit opvoedkunde goedgekeur. Hy volg prof. J.F.A. Swartz op wat einde vanjaar met pensioen aftree.

Prof. Nell is op 18 Oktober 1937 in die Paarl gebore. Hy matrikuleer aan Paul Roos-Gimnasium en aan die U.S. verwerf hy die volgende kwalifikasies: B.A. (1957), S.O.D. (1958), B.Ed. (1961), M.Ed. (1969) en D.Ed. (1973). Die S.O.D., sowel as die grade B.Ed. en M.Ed. is cum laude aan hom toegeken.

Nadat hy aan verskeie Kaaplandse hoër skolle verbonde was, word hy in 1969 dosent op Stellenbosch en sedert 1975 is hy hoogleraar in onderwysadministrasie, geskiedenis van onderwys in Suid-Afrika en vergelykende opvoedkunde.

Hy het deur die jare 'n bedrywige rol gespeel in talle onderwys- en opvoedkundige liggame, o.m. as bestuurslid van die S.A. Taalbond, voorsitter van die Vereniging vir die Bevordering van Tweetaligheid (1978) en lid van die British Educational Administration Society. Hy is ook assessorlid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en bestuurslid van die S.A. Vereniging vir die Bevordering van die Opvoedkunde (1978/79). Uit sy pen het reeds 21 artikels in vakpublikasies verskyn.

Hy dien reeds etlike jare in die hoofbestuur van die S.A. Onderwysersunie (S.A.O.U.), en vir die tydperk 1978–1979 was hy voorsitter van die dagbestuur sowel as die hoofbestuur van hierdie Kaaplandse onderwysersvereniging. In dieselfde tydperk was hy ook voorsitter van die Gesamentlike Raad van die S.A.O.U. en sy sustersvereniging vir Engelssprekende leerkragte, die S.A.T.A., terwyl hy reeds sedert 1975 verantwoordelik is vir die rubriek Opvoedkundige Studies in Die Unie, lyfblad van die S.A.O.U. Hy is pas verkies tot lid van die Federale Raad van Onderwysersverenigings.



*Almal het reeds van USAT se uiters suksesvolle Moulin Rouge-aand gehoor. Hier is goeie nuus vir dié wat dit misgeloop het: Op 5 en 6 Oktober sal daar heropvoerings in die Libertasteater gehou word. Op die foto is die can-can dansers besig om te repeteer vir die volgende opvoering.*

# NUWE AANSTELLINGS

BENEWENS prof. Nell het die Raad van die U.S. ook nog verskeie aanstellings en bevorderings goedgekeur, waaronder die belangrikste nou genoem sal word.

Prof. Serf Kritzinger, 38, wat sedert 1 Junie 1976 medeprofessor in die departement fisika was, is bevorder tot professor. Prof. Kritzinger het die grade B.Sc., Hons.-B.Sc. en M.Sc. (almal cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Daarna het hy in Birmingham, Engeland, drie jaar navorsing gedoen in vastetoestandfisika en fisiese metallurgie vir 'n tweede M.Sc.- en 'n doktorsgraad. Hy is onder meer lid van die Britse Instituut van Fisika en die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.


Dr. J.H. Visser, 48, is die nuwe hoogleraar in botanie (plantfisiologie). Het het die grade B.Sc., Hons.-B.Sc. en M.Sc. (cum laude) aan die P.U. vir C.H.O. verwerf, en sy doktorsgraad aan die Georg August-Universiteit in Göttingen. Hy het o.m. gewerk as hoofnavorsingsbeampte in die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium en was sedert 1972 senior lektor aan die U.P. Voorverlede jaar het hy 'n studietoekenning van die *Deutsche Akademische Austausch Dienst* ontvang, en in 1959 het hy met behulp van 'n beurs van die Mielieraad oorsee studeer.

Dr. P.H. Spies, 38, is aangestel as adjunk-direkteur en hoof van die Eenheid vir Toekomsnavorsing aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek. Hy was voorheen senior lektor in die departement landbou-ekonomie op Stellenbosch. Dr. Spies het aan die U.S. se fakulteit landbou gestudeer waar hy die grade B.Sc., Hons.-B.Sc. en M.Sc. (cum laude) verwerf het. Hy het in 1973 die graad Ph.D. (ekonomie) aan Iowa State University behaal. Hy het ook van September 1968 tot Junie 1971 aan dié Amerikaanse universiteit gewerk as navorsingsassistent in die departement ekonomie. Dr. Spies is o.m. lid van die Landbou-ekonomievereniging van S.A. (in 1976/'77 was hy vise-president) en van die International Agricultural Economics Association.

# Wenner

*Pieter van Niekerk het op 8 September die ATKB se Nasionale redenaarskompetisie vir studente gewen. Hy het vir Stellenbosch in Pretoria gepraat teen die res van die Afrikaanse universiteite en kolleges.*

*Die kompetisie het bestaan uit drie afdelings: impromptu kommentaar op 'n toespraak wat die oggend deur 'n eregas gelewer is; 'n onvoorbereide toespraak van drie minute, en 'n voorbereide toespraak van agt minute.*



**PIETER VAN NIEKERK**

*Pieter het gepraat oor die Afrikaanse koerant, wat volgens hom deesdae die skyf van onnodige kritiek is.*

# perspektiewe en dinge

STELLENBOSCH 300, en 'n SR wat skakeling op soveel vlakke as moontlik bepleit. Nou sal jy jouself afvra: hoekom het dit 300 jaar geneem om so-iets te besluit? Maar "die waarheid sal seevier in die vrye markplek van idees."

Simon van der Stel en Henry T. Ford kom ooreen op slegs een baie sensitiewe puntjie. Henry T. Ford het gesê vir elke "dut" wat Ford vervaardig sal hy eenmaal in sy graf omdraai. Tydens die opgrawe van sy oorskot vir 'n sogenaamde herbegrafnis en nadoodse verering is die skrikwekkende ontdekking gedoen dat Henry T. Ford ongeveer 4 000 revolusies per minuut doen in sy graf.

Nou – waar kom hy en Simon van der Stel ooreen? Weliswaar weet ek van geen stelling wat Simon van der Stel gemaak het nie. Gelukkig vir hom, al het hy geen omwentelingsbelofte gemaak nie, enige Matie is genoeg om hom wel te laat draai, en vinnig ook daarby. Is dit nou nie 'n omstrede puntjie van ooreenkoms nie? **Maar realiteit is 'n illusie sonder die nodige alhokol wat daarmee saamgaan.**

### ALKOHOL

Moet alkohol noodwendig daar wees om die werklikheid te realiseer? Die euwel van die samelewing en sleutel tot vele ongerymdhede. Biermanskap – Leeuplesier, ai, wat kom ooit daarby? "A trip through the Okavango in a dug-out. A braai at sunset. Down a Lion, feel satisfied". Waar kom jy nou nader aan die realiteit as juis in so 'n geval? Daar is soveel verskillende situasies waarin die werklikheid uitgebeeld word. Logies word dit aangebied in die mees aantreklike vorm vir die mens en sy strewe na gerief en gemak.

### KOMITEE

Van oral oor hoor ons standpunte en standpunte oor die oënskynlike misbruik van drank. 'n Kommissie is aangestel om die probleem ter plaatse net bietjie uit te lig en moontlike aanbevelings daaromtrent te doen. Ongelukkig moes 'n komitee aangestel word om die waarnemings van die eerste kommissie in perspektief te plaas. Die kommissie was so meegevoer deur die drankprobleem dat die lede self verval het in 'n derglike posisie. **Na alles is 'n kameel maar net 'n donkie wat deur 'n komitee saamgestel is.**

coenraad pieterse

### LIVINGSTONE

Insiggewend egter is die waarnemings van die kommissie soos gewysig deur die komitee. Dit stem baie ooreen met die reisverhale van Livingstone hoër op in Afrika. Hier en daar moet enige verwesterse wese tog sekerlik afwykings verwag wat nie sal ooreenstem met Livingstone se verhaal nie. Kloksgewys is hierdie verskille soos volg: In Afrika was die swart stamme destyds oorwegend barbaars. Op Matieland is die studente uit morele oorweging barbaars sodra 'n hoeveelheid alkohol ingeneem word. Die Stellenbosse gemeenskap lei dan onder hierdie verskynsel wat hom periodiek afspeel ten aanskoue van die geweldige aantal Collosseumgangers. Maar die proses gaan verder. Selfs Nero staan verstom. Nee, tog nie, hy wentel ook in sy graf teen die ongelooflike spoed van wit lig. "Those Maties, they are incredible". Stewige takkrale skei die Afrikaan se woonplek van die woeste natuur waar die leeu nog koning is, die luiperd nog met venyn sy prooi plattrek en die olifant nog die padmaker is. Sensoties, idillies, natuurwette in sy suiwerste vorm. Hoekom is Nero lamgeslaan? Hier op Stellenbosch word leeus gery soos jy 'n perd ry. Dis korrek, u het heeltemal reg gelees. Lanzerac se twee leeus by die ingangsportaal se doel is lankal uitgedien. **Die Maties het hulle getem.**

### HOUTPERDE

Tydens hierdie fase van die ondersoek het sommige lede van die kommissie begin dink aan "South Africa's political alternatives". Miskien was laasgenoemde die uitsluitlike oorweging toe besluit is op die "alcoholic alternative rather than perpetuating Matie civilization." 'n Trojaanse houtperd soos van ouds is voor die kar gespan en die ondersoek is voortgesit.

### HK-LEDE

Daar kan net op gewys word dat volle deelname, maar objektiewe deelname van die kommissie aan al die aktiwiteite 'n voorvereiste was vir effektiewe waarneming. So het die kommissie dan op een van sy gereelde ekskursies op die stuiptrekkings van 'n huiskomiteeverkiesing afgekom. By stuiptrekkings word verstaan die inisiasie-seremonie waar die voorgestelde HK-lede op eg barbaristiese naakte wyse in aspirant marathonnaellopers ontpop. Niks ontbreek nie, alles is teenwoordig. Eers word elke naelloper agter in 'n oop ampsmotor (Stellenbosse bakkies) op 'n podium deur die strate van Stellenbosch geneem en voorgestel aan die massas jillende en fanatieke ekshibisionistiese Collosseumgangers. Daarna per mobiele eenheid na die amptelike wegspringplek. Let wel, steeds in inheemse drag, met 'n lagie olie om insekaanvalle af te weer omdat hulle nie glo aan 'n vredesinisiatief nie.

### TERUGTOG

Die naellopers word afgelaai, en die lang spannende tog terug neem 'n aanvang. Alles goed en wel, maar ek wil net een ou vragie vra. Is dit nodig vir ander stamme wat in mobiele eenhede rondbeweeg om nou juis saam met hierdie naellopers te beweeg en dan boonop daardie eg westerse geluid, naamlik toet, te laat weergalm deur die gebied? Het julle gaan leeus ry of is julle maar so kleingeestig?

### GEDRAG

Laurika Rauch se beskrywing pas uitstekend by hierdie leeuryers en dergelike inheemse gedrag van sommige stamlede.

**"Swerwers sonder rigting, Soekers wat nooit vind, en eindelik was almal maar net kinders van die wind."**

# Muggies in die Neus

NIE so lank, lank gelede nie was daar 'n Klein dorpie in die middel van 'n groot bosch. In die winter het dit baie gereën en het die bosch groen geword. Daarna het die blommetjies langs die geselsende waterstroompies uitgekom en voëltjies het in die bome getjilp.

In dié mooi plek het daar mensies gewoon. Baie van hulle. En hulle was baie, baie gelukkig. Saam het hulle na die bome en blomme gekyk en vriendelik met mekaar gelag. Oe, dit was 'n mooi plek. Selfs die kleinste ou diertjie was vrolik.

Maar toe het daar 'n snaakse ding gebeur. Niemand het so iets verwag nie. Selfs die koning en al sy soldate was magteloos. 'n Ding – lelik en groot – het in die dorpie kom woon. Hierdie kiem (soos die koning dit genoem het) het almal aangesteek.

Van daardie dag af was almal anders. Dit was asof die mense nog oë bygekry het. En met dié oë het hulle al die ander mense se foute begin raaksien.

So byvoorbeeld was daar mense wat regs was en ander wat links was. As hulle mekaar wou groet was daar altyd die huiwering: eers wik en weeg en dan dieselfde hand uitsteek. Die mense wat regs was het altyd na hulself verwys as die goeie mense wat die regte dinge doen en na die linkses as die slegtes. Aan die ander kant het die linkses hulself gesien as die slimmes wat van alles meer weet as die dom regses.

Die kiem was verantwoordelik vir al die ongelukkigheid. 'n Kommissie van ondersoek na wát die kiem presies is, is aangestel. 'n Regter (dit verwys nie na links of regs nie) is aangestel as voorsitter. Na maande van ondersoeke en verskeie herskrywings van die uiteindelike verslag het die regter sy objektiewe slotsom voorgelees: "Die kiem se naam is ambisie." Net dit. Geen verdere verduideliking nie.

'n Klompie mense wat links sowel as regs was het eendag ooreengekom om die kiem te vernietig. Dit sou hul eerlike doel wees om die klein dorpie van alle kwaad te suiwer.

Maar o wee, niemand wou hulle glo nie. "Julle ly aan ambisie." moes hulle hoor.

Die regses het gesê "Laat die saak daar – dit sal vanself regkom. Die koning moet in elke geval sê wat ons moet doen." Die linkses was van mening dat die beweging 'n poging was om die probleem op te los deur dit 'n ander naam te wil gee.

Een nag het daar 'n feetjie met vlerkies deur goud omboor slaapsand oor die dorpie gestrooi. Ja, al die mensies het in 'n soete slaap verval.

Vandag nog weet niemand of hulle bewus was dat hulle geslaap het nie. Die slaap was 'n toestand van beswyming wat niemand eintlik gehinder het nie. Hulle het hul werk gedoen en normaal gelewe, maar geen ontwikkelinge of enige groot gedagtes het in dié tyd ontstaan nie.

Die koning was 'n bekommerde man. Hy moes sy mense help, maar hoe? Eendag het dieselfde feetjie (nou heelwat molliger en in haar oorgangsjare) hom besoek en dié goeie raad gegee: Al die mensies moes van 'n sekere boom se blare eet sodat hulle van hulself kon vergeet.

En siedaar. Die hele dorp was nou weer gelukkig. Die klem was nog steeds daar, maar dit het nou selfs 'n goeie doel gedien.

Baie jare later het die feetjie met haar kierie deur dieselfde dorp se strate geloop en op die Braak gaan sit.

Sy het moedeloos haar tong geklik. Nou dat sy dit regtig nodig het, is haar slaapsand op.

PIETER MARAIS

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



In die koue Noorde ontwikkel die hemellyn 'n spierwit pels wat baie gesog is. Hierdie diertjie het 'n merkwaardige gevoel vir reinheid, 'n kenmerk wat pelsjagters om hom in die hande te kry. Wanneer die hemellyn wei, besmeer hulle die klein ingang van sy "huisie" en laat dan die honde los. Die diertjie sal eerder sy reinwit pels met sy eie bloed bevlek, as dat hy deur die bevuilde ingang sal ingaan om skuiling te soek.

Ons is almal rein-gebad deur die bloed van Christus. Ons is die eiendom van God. Sy kinders vir wie Hy baie lief is en styf teen Hom vas trek en daarom moet dit ons strewe wees om daagliks ons alles vir Hom te gee, om Hom sodoende te dien en te verheerlik. Met ons oë gerig op God, en Sy sterk hande wat ons vashou mag ons weet dat ons nooit geskend kan word deur die slagysters wat Satan vir ons opstel nie.

Theunis Botha.

# UIT DIE OUDE DOOS

*NADAT daar met besem en stoflap ingespring is by* Die Matie-*argief, het 'n aantal grepe uit die verlede te voorskyn gekom wat dalk vandag nog die belangstelling sal prikkel:*

"DE Oude" en "De Nieuwe". My "Oude" is "'De Goede Hoop,' Een Zuid-Afrikaans Maandblad voor oud en jong, Onder redaktie van professor N.J. Brummer, Stellenbosch, 15 Oktober 1916" en sy "Nieuwe" is die Maties van 1979.

**In die "Editoriaal":**

"'Agie' – U schrijft veel beter in schoolhollands dan in Afrikaans. Wij zouden u dus aanraden om vooreerst maar in't Hollands te schrijven. Om't Afrikaans goed te schrijven vereist moeite en oefening. Intussen zou u nog wat kunnen oefenen."

Is 1916 se stekie van toepassing op die redaksie van Die Matie van 1979?

**"In en om't huis. Goede Raadgevingen.":**

"Eet geen voedsel eenvoudig om dit niet te verkwisten.

Begin uw dagwerk nooit zonder 'n goedt ontbijt of morgen-eten gehad te hebben. Overlaad uw maag niet als u verkouden zijt anders zou u aanstonds verplicht zijn om, wegens 'n koorts, zonder voedsel te blijven.

Zorg dat u, zo mogelijk, uw volle acht of negen uur slaap krijgt.

Slaap niet in dezelfde onderkleren waarin u overdag gehuld was."

"Een aspek wat tot dusver nog onbevredig gelaat is, is die vrou op die kampus", (Jonge Juffrou, nr. 1) . . . Frons? ! Kug. Ek hoop die Matie-dames is nou *bevredig*.

**"Wat 'Oue Jan' dacht":**

"Ik hoor ze willen nog meer geld hebben, om een motorbike te kopen, en hullie zusters gaan gekleed als 'first-class ladies' en dan klagen ze nog steen en been over het weinig geld; het is waarlik schande." O, ja? ! Dit gaan nie meer vandag so op Matieland nie?

**'n Ernstige vraag aan alle Landboustudente:**

"Het broeien van kuikens. – Welke eieren zijn de beste om mooie, sterke kuikens van te krijgen? 1. Van jonge hennen, of oudere? 2. Het eerste of laaste legsel? 3. Welke eieren moet men laten broeien om *hennen* te krijgen, de ronde of langwerpige?"

**"Stok-oude Spreekwoorden":**

"'Als't hoofd sweert, droeven al de leden.' – Als het hoofd krank is, zijn ook de andere leden van't lichaam krank. De leidsman van een volk of een Kerk moet goed zijn, want als hij verkeerd loopt, dan loopt alles verkeerd. Bijna alles hangt af van de voorman, wat karakter, wijsheid en toegewijdheid betreft." Mnr. Bell en lede van die SR; moenie dat ons oor julle moet "droeven" soos oor die Inligting-debakel en die NG Kerk nie.

**"Moeten wij vooruitgaan?":**

"Een wakkere koopman knapt van tijd tot tijd zijn winkel op, en zendt artikelen, door de tijd van weinig waarde geworden, naar 'n vendutie, om zonder voorbehoud aan de man te worden gebracht. Dit moet ook gedaan worden in het verstandelike, dan zullen vele verouderde gedachten over boord geworpen worden.

Nu, heer editeur, ik heb nog heelwat in de pen, doch hoop, met uw verlof, aanstaande maand te vervolgen. Ik ben er verzekerd van, dat de intellektuele lezer mij op de voet volgt."

Is Maties bereid om hul maatskaplike probleem "zonder voorbehoud aan de man te worden gebracht" en 'n bydrae te lewer tot projekte wat dié aangeleenthede ondersoek? Maak gebruik van Die Matie se briewekolomme indien u "nog heel wat in de pen (heb)", en geagte lesers; as u maar net meer Die Matie "op de voet volgt" en wil deelneem!

ANTON KRUGER

# AFRIKANER STAAN NOU VOOR KRUISPAD

DEUR FRANS ROELOFSE

DIE Afrikaner bevind hom vandag in 'n geheel ander tydperk as enkele jare gelede. Hierdie nuwe tydperk het ook uiteindelik sigbaar geword in die Nasionale Party se politieke styl en denke.

Dit is natuurlik so dat die regering van mnr. P.W. Botha oënskynlik anders is as dié van mnr. Vorster. As 'n mens egter die bewegingskragte wat aan die loop is in Suid-Afrika en veral onder die Afrikaner ontleed, is dit duidelik dat daar geen basiese verskil tussen die huidige en vorige regering is nie. Mnr. Vorster het dinge egter met minder skouspel gedoen en sy optrede was dikwels van meer diepgaande aard as dié van die huidige regering.

Wil 'n mens die Nasionale Party se nuwe dimensie verklaar, moet daar teruggegaan word na ongeveer 1972 en word dit duidelik dat hierdie nuwe dimensie nie skielik deur een Eerste Minister aan die gang gesit is nie. Die verandering is meer diepgaande as die styl en denke van een persoon; dit is die produk van belangrike bewegingskragte wat aan die loop is in die Afrikanergemeenskap.

### NUWE TYDPERK

Ek wil kortliks vier belangrike bewegingskragte aandui wat in 'n groot mate sal toon waarom daar werklik 'n nuwe tydperk van diepgaande betekenis aangebreek het.

1. Ons is die eerste geslag van Afrikaners wat as deel van die heersersklas grootgeword het. Om hierdie rede het ons natuurlik ander motiveringe waarom ons die regering steun as die huidige heersersklas. Ons ondersteuning van die regering berus grootliks op die feit dat ons glo dat die opposisiepartye met hul naïewe geloof in die inherente goedheid van die mens, net nie 'n lewensvatbare alternatief vir 'n Afrikagemeenskap het nie. Ons geslag groei in getalle en invloed onder ons eie mense, sodat daar noodwendig 'n verskuiwing in denke plaasvind binne die NP.

## MENINGS-AKTUEEL

2. Hierby is ons die eerste geslag van Afrikaners wat deur ons eie regering geleer is om Afrikane te wees omdat ons toekoms in Afrika geleë is en nie elders nie. Aan hierdie Universiteit het ek 'n groot entoesiasme vir hierdie gedagterigting opgemerk en word die implikasies van so 'n identifikasie ook meer volledig besef as by ander dele van die Afrikanergemeenskap.

### SWARTMENSE

3. Ons besef nou ook vir die eerste keer dat die swartmense van Suid-Afrika nie 'n inherente gevaar vir die witmense is nie, maar 'n baie waardevolle bate kan wees. Daar is ander meer vernietigende magte aan die werk wat ons voortbestaan ondermyn. Hierdie besef is van die grootste politieke belang omdat daar nou toenemend gekonsentreer word om die samelewing so te ontwikkel dat dit aanvaarbaar vir al Suid-Afrikaners is in plaas daarvan om die samelewing, soos hy nou is, teen die magte van buite te probeer verdedig.

### DR. TREURNICHT

4. Wanneer by hierdie laaste en belangrikste bewegingskrag stilgestaan word, moet daar ook ag geslaan word op die posisie van dr. Treurnicht se denkstroom binne die Nasionale Party. Hierdie bewegingskrag wat rondom die begrip nasie sentreer is ook terselfdertyd die belangrikste skeidslyn tussen Stellenbosch en die ander Afrikaanse kampusse. Dit is ook grotendeels die skeiding tussen die twee pole binne die Nasionale Party.

Die Afrikaner glo, hoofsaaklik uit goedsdienstige oorwegings, dat daar vir elke groep 'n afsonderlike gebied moet wees. Dit is natuurlik geen uitsonderlike benadering nie, want die Romeine, Franse, Britte en veral die Jode het hierdie definisie van 'n nasie voorgestaan. Die Jode het egter vandag in 'n uiters moeilike fase van hul geskiedenis inbeweeg. Hulle word gedwing om hul lankgevestigde gedagtes oor die nasie te wysig. Hulle het naamlik so 'n groot minderheid Arabiere wat polities geakkommodeer moet word dat hul geen keuse het as om hulle begrip van nasie te wysig nie.

### VERANDER

Die Afrikaner bevind hom ook hier in die sewentigerjare van hierdie eeu in dieselfde situasie. Mnr. Vorster het begin om hierdie lank gevestigde begrip van nasie te verander met die insluiting van Kleurlinge en Indiërs in ons politieke bestel. Rondom hierdie begrip lê die grootste onmin tussen Afrikaners.

### ENIGSTE

Ten slotte moet daar na dr. Treurnicht se posisie gekyk word. Ongeag wat hierdie besonder begaafde persoon se standpunt ookal sal wees, bly hy van wesenlike belang vir die Nasionale Party en Suid-Afrika. Hy is skynbaar die enigste politikus wat sal kan verhoed dat 'n groot groep Afrikaners na regs wegbreek en sodoende geweldige probleme vir Suid-Afrika veroorsaak.

### REALIS

Dr. Treurnicht is 'n politieke realis en sal heelwaarskynlik besef dat die magte wat mnr. Botha aan die gang gesit het te magtig is vir selfs hom om te suit. Daarom sal hy hom heelwaarskynlik by die Eerste Minister skaar.

**As jong Afrikaners het die SR van Stellenbosch in die onlangse week aangekondig dat hy sal probeer om Afrikanerskap as 'n kulturele begrip te bevorder sonder dat bepaalde politieke denkrigtings noodwendig daaraan gekoppel is. Dit is 'n nuwe gedagterigting van baie groot belang. Wanneer ons Afrikanerskap so kan definieer, sal ons groot klem op morele waardes kan lê en terselfdertyd makliker 'n nuwe begrip van nasie kan aanvaar. Dr. Treurnicht het duidelik voor die F.A.K. op 4 September 1979 laat blyk dat hy nog nie hierdie belangrike onderskeid gemaak het, of wil maak nie.**

### STRUIKELBLOK

**As jong Afrikaners is ons nie bereid om ons kulturele identiteit prys te gee ten einde in enige nuwe bedeling in te pas nie. Vir ons behoort Afrikanerskap, gedefinieer soos hierbo, geen enkele struikelblok te wees om in 'n Suid-Afrikaanse nasie in te pas nie. Groepsgebondenheid was in alle eeue sedert die Griekse goue eeu tot en met die Britse tydperk die aansporing tot groter materiële en geestelike prestasie. Dit word ook so deur die Afrikaner geglo en bewys.**

### NASIE

**Omdat ons nou graag alle Afrikaners as dieselfde kulturele wesens wil sien, maar nie meer politiek noodwendig aan die begrip wil koppel nie, is dit dus vir ons makliker om tot 'n nuwe definisie van nasie te kom wat Kleurlinge, Indiërs en 'n groep ontstamde Swartmense sal insluit.**

Hierdie is die eerste belangrike stappe in die rigting van 'n nuwe nasiebegrip en daarom ook 'n Suid-Afrika-begrip. Die nuwe Eerste Minister sal beslis met groeiende momentum hierdie fundamentele veranderinge aan die Suid-Afrikaanse samelewing aanbring omdat ons dit as redelike mense so wil hê.




"Wat doen hulle? – hulle maak seker dat finale-jaar tokkelokke nie kontrakbreuk pleeg nie!

## Kampus-Kalender

**ACSV**
7 Oktober: Geselskring – Sendingweek – wat nou?
Sondae na oggenddiens: Transkei Werkerskampbiduur. Almal is hartlik welkom!

**Maatskaplike werk Vereniging**
4 Oktober: 'n Span van Tygerberg-hospitaal gesels oor *Kindermishandeling* as eietydse probleem. Kamer 26/27, H.F. Verwoerd-gebou.

**SAIVERT (SA Instituut van Vertalers en Tolke)**
15 Oktober: Colloquium oor Vertaalkunde.
09h00 – 15h45, Vrouevereniging-saal, LSS.
Belangstellendes kan mnr. Lourens kontak by telefoon Kaapstad 21-5600 of 45-1109 (Huis).

**Politieke Ekonomiese Vereniging**
Vergader elke Woensdag om 18h30 om die S.A. polities-ekonomiese geskiedenis te bespreek en te ontleed. Besprekings duur ongeveer 1½ uur per sessie. Staatsleerseminaarkamer.

**USAT**
5 en 6 Oktober: Heropvoering van die skitterende Moulin Rouge-aande in die Libertasteater. Geen Matie kan dit bekostig om hierdie aanbieding mis te loop nie!

**SCA**
22–23 September: Spring camp. Theme – "Reconciliation". Contact SCA-committee for particulars.
7 October: Informal get-together and discussion on creativity.
Three prayer meetings are held at the SCA office (room 406 LSS) each week. They are on Mondays, Wednesdays and Fridays at 1.15 p.m.

Op Saterdag 13 Oktober word 'n aand van "Barn"-danse, hoenderbraai en folk-musiek op Vergenoeg aangebied.

## HELP MET KALENDER

Die redaksie beoog om Kampuskalender tot volle potensiaal te ontwikkel. Dit is slegs moontlik deur gereelde bydraes van komitee-, bestuurs- en verenigingslede en sal dit op prys gestel word indien sodanige lede Die Matie vroegtydig in kennis sal stel van enige bedrywighede op die kampus.

## *Nuwe dimensie – ons staan by u meneer Botha*

KOBUS LOUW, HUIS SLABBER, skryf:

'n OPE brief is onlangs deur studente van hierdie universiteit gerig aan sy edele mnr. P.W. Botha onder aanvoering an mnre. Van Heerden Heunis en Tjaart Theron. In hierdie brief word groot waardering uitgespreek vir die wyse waarop mnr. Botha gestalte gee aan die Christelike beginsels van regverdigheid, geregtigheid en welwillendheid in Suid-Afrika. Hy word geprys vir sy poging om hierdie beginsels vir die praktiese politiek te artikuleer, veral omdat dit getuig van 'n oog vir die realiteite van die Suid-Afrikaanse situasie. Ten slotte word daar in die brief die hoop uitgespreek dat mnr. Botha instrumenteel sal wees in die poging om 'n meer vredevolle en gelukkige staatsbestel vir almal in Suid-Afrika tot stand te bring.

Vir geen oomblik kan dit betwyfel word dat sodanige skrywe die gevoel weërspieël van 'n baie groot groep studente nie, veral gesien in die lig van die feit dat meer as 500 studente dit onderteken het. Klaarblyklik is dit nog 'n uitvloeisel van die resente simptoom onder die Stellenbosse student om te streef na die erkenning van alle volkere in Suid-Afrika se menswaardigheid. 'n Mens kan net dankie sê vir hierdie uiters nodige wending in die deursnee jongmens se opvatting van rasseverhoudings en houding jeens ons anderskleurige mede-Suid-Afrikaners, want geen volk kan tevrede en gelukkig wees as sy bestaan en vooruitgang geskied ten koste van 'n ander nie. Steeds kan ons Afrikaners wees as ons andere die volle ruimte laat om hulself te verwesenlik op die basis van vreedsame naasbestaan en gelykberegtiging.

### ONS STAAN U BY

Ons staan by u, mnr. Botha, en spreek die hoop uit dat u nie van stryk gebring sal word deur diegene wat 'n agterhaalde en vernederende politiek wil bedryf nie, ook nie deur onlewensvatbare politieke groeperinkies wat gebore is uit bitterheid nie.

## Gee ons meer hokkie

B.N. Goedhart, Eendrag, skryf:

AS student met 'n groot belangstelling in hokkie, wil ek net 'n lansie breek vir hierdie sportsoort, veral wat die spel op koshuisvlak betref.

Koshuisrugby geniet aansienlike publisiteit in Die Matie, en dit mag ook so wees. Dog hokkie op koshuisbasis word vele kere oor die hoof gesien. Waarom? Is koshuishokkie op die kampus vervlak tot 'n minderwaardige sport sodat dit nie oor die nodige kwaliteit beskik om in 'n studenteblad soos Die Matie opgeneem te word nie? Die individuele koshuise het net sulke uitstekende eerstespanhokkiespelers as -rugbyspelers. Dit is tog nie nodig om rugby steeds in die kalklig te hou net omdat dit die amptelike sport in ons land is nie? Die Matie se laaste paar bladsye is tog nie net vir die rugbygeesdriftige nie? Gee aan ons "kleiner" sportsoorte ook 'n platform om hul bydrae tot sport op die Akker bekend te stel.

Ons hokkiespelers verdien 'n pluimpie vir die spel en prestasies wat hulle lewer. Ander sportlui kan hulle hoede gerus vir dié hokkiespelers afhaal!

# ADMINISTRASIE ERNSTIG OOR AKADEMIE

**CHARMAINE FERREIRA, LENNIE METCALF EN RONEL SWART, HEEMSTEDE, skryf:**

OP 'n buitengewone huisvergadering in Heemstede is 'n mosie eenparig aanvaar na aanleiding van die feit dat 'n huiskomiteekandidaat wat die besliste steun van die huis geniet het, afgewys is deur administrasie. Die mosie het dit afgekeur dat die huidige keuringsisteem nie ter insae vir die studente is nie, en dat dit nie op 'n aanvaarbare wyse toegepas word nie. Daar is aangedring op die samestelling van 'n komitee om in te gaan op die saak.

Hierdie gebeure skryf ons toe daaraan dat die oorgrote meederheid van die studente kampuswyd oningelig is aangaande die hele opset van kandidaatkeuring. Die feit dat niemand egter op daardie kritieke stadium duidelik vir ons kon sê op grond waarvan 'n kandidaat werklik afgewys word nie, het tot ontevredenheid onder huislede gelei. Nog 'n punt van kritiek was dat dit onder niemand se aandag gebring is dat die keuring vir die 79/80 termyn baie strenger toegepas is nie. Dit is dus nie snaaks dat vergelykings met die akademiese "toestand" van huidige huiskomiteelede aanleiding gegee het tot verdere twyfel oor die konsekwentheid van die keuringsisteem nie.

### MEV. SMUTS

In gesprek met die hoof van dameskoshuise, mev. Smuts, is die probleme wat Administrasie ondervind, verduidelik. Kandidate word slegs op grond van akademie gekeur. Aspekte wat in aanmerking geneem word is o.a.:

1. Die sisteem is gebaseer op krediete en vakgewig is dus van groot belang.
2. Elke kursus met sy verskeidenheid samestellings van vakke se krediete verskil dus van individu tot individu, en 'n "wonderformule" is uit die aard van die saak onmoontlik.
3. Tweedejaars word gewoonlik strenger beoordeel as seniors, en hoofvakprestasie op tweedejaarsvlak geniet baie aandag.
4. Daar is wel verskillende vereistes t.o.v. jaar- en semesterkursusse.

Die kwessie van die wyse waarop kandidate ingelig is omtrent hulle afkeuring is ook geopper. As gevolg hiervan word die volgende stappe veral m.b.t. dames in die vooruitsig gestel.

1. Die moontlikheid van publikasie van riglyne sal deeglik ondersoek word.
2. Mev. Smuts het haarself bereid verklaar om enige student wat twyfel oor haar akademie te woord te staan indien sy uitvind of sy sal kwalifiseer.

Verder het die huis die feit dat SR-kandidate geensins aan akademiese kwalifikasies hoef te voldoen nie, ernstig bevraagteken omdat daar o.a. gevoel is indien ons leiers op H.K.-vlak gesif moet word, dit ook op SR-vlak nodig is.



*Die Kweekskoolkoor is hier hard besig om te oefen aan hul program. Die koor vertrek môre op 'n kort toer na die Suid-Kaap. Die koor staan onder leiding van Louis Heyneman. Jan de Wet, Studenteraadsvoorsitter vir 1978/79 tree as gaskunstenaars saam met die koor op.*

## *Eerste in sy soort*

**FRANCOIS THERON, skryf:**

DIE afgelope langnaweek (31 Augustus — 3 September) het die Volkekunde Vereniging van die Universiteit van Natal die eerste Nasionale Studente-Antropologiekonferensie aangebied.

Die ongeveer veertig afgevaardigdes van die universiteite Kaapstad, Wes-Kaapland, Stellenbosch, Rhodes, P.E., Natal, Durban-Westville, Transkei en Zululand het op informele vlak die algemene stand van die antropologie binne Suid-Afrikaanse verband bespreek.

### GEES

Die gees waarin die konferensie afgeloop het en die spontane kontak, ondanks die kenmerkend stagnante posisie van studentekontak in die algemeen, het weer hoop gegee vir die toekoms. Die bywoning deur Afrikaanse universiteite was egter teleurstellend.

### S.A.S.A.U.

Die belangrikste besluit by die konferensie geneem, is die beplande stigting van 'n Suidelike Afrika-studente Antropologie Unie. (S.A.S.A.U.) So 'n liggaam sal o.a. as taak hê die uitleef van die vak in die algemeen en die klem sal lê op die bydrae wat die volkekunde kan lewer om sekere probleemsituasies te vergemaklik.

### RHODES

Die Universiteit Rhodes het onderneem om die tweede nasionale konferensie op hulle kampus aan te bied. By dié geleentheid sou 'n mens slegs kon hoop dat die Afrikaanse universiteite groter belangstelling sal toon.

## STOP ROOK IN L.S.S.

**ANTI ROOK, P.S.O., skryf:**

AANGESIEN 'n groot deel van die Maties nie-rokers is, kan die nie-rokers 'n regmatige aanspraak maak op 'n deel van Neelsie waar nie gerook mag word nie.

Nie-rokers is beslis nie lus om rook saam met huille etes te geniet nie. Vriendekringe wat bestaan uit rokers en nie-rokers moet self besluit wie gaan wat verduur, die nie-rokers die rook of die rokers skoon, vars, "gesondheidsjaar" lug. Rokers word algemeen beskou as 'n onkonsidererende groep en dit het al lankal tyd geword dat hulle die gesonde gewoontes van ander in aanmerking moet neem.

As dié SR onthou wil word kan hulle iets omtrent hierdie saak doen. In vliegtuie en bioskope word dit toegepas, in lesingsale mag glad nie gerook word nie.

# Sangfees vir medies verby

**D.J. PIETERSE, HIPPOKRATES, skryf:**

EK wil u eerstens gelukwens met die gehalte van Die Matie hierdie jaar. My skrywe gaan egter nie oor Die Matie nie, maar wel oor die Sangfees. Wat het van die tradisionele Sangfeesgees geword. Ek neem die afgelope vyf jaar al aan Sangfees deel en dit is onrusbarend om te sien hoe die gees van hierdie grootse geleentheid elke jaar afneem. Dit het na my mening hierdie jaar 'n laagtepunt bereik. Reeds 'n maand voor hierdie jaar se Sangfees verskyn daar 'n spotprent in Die Matie met die onderskrif:
"Ag, as Sangfees maar net wil klaarkry . . ."
Is dit werklik wat die Stellenbosse student vir Sangfees voel?

Ek het eers gedink dat ek die spotprent verkeerd interpreteer of dat die tekenaar daarvan miskien uit voeling is met wat werklik op Stellenbosch aangaan. Groot was my teleurstelling egter toe ek moes sien dat hy klaarblyklik die spyker op die kop geslaan het.

Wat het geword van die spontane sang op die gallery in die stadsaal en van al die lekker saamsing van kore net voor en net na hulle opgetree het buite die stadsaal? Sonder om voorbarig te wees meen ons hier op Tygerberg dat as ons nie op die gallery was nie, daar feitlik geen sang en gees op die gallery sou wees nie. Dit was 'n ontnugtering om te sien hoe studente mekaar stilmaak wanneer daar pogings aangewend word om wel te sing.

Die seremoniemeesters het hulle goed van hulle taak gekwyt, maar dis jammer dat hulle so belangrik geword het dat hulle die mense op die gallery so min geleentheid wou gee om wel te sing. Ons hier van Tygerberg het die idee gekry dat die Maties te gesofistikeerd geraak het vir Sangfees. (Wanneer ek praat van die "Maties" dan bedoel ek die van ons op Stellenbosch.)

Die kroon word egter gespan deur die feit dat daar nie eens 'n opname vir 'n plaat gemaak is nie. Onwillekeurig en teen die agtergrond van die hele gees wat blykbaar heers, dink 'n mens dat mense net nie meer genoeg moeite in die verband wil doen nie.

Ek dink dit het tyd geword dat ons weer meer aandag aan die kulturele lewe van die studentemassa begin gee en 'n bietjie minder aan die politiek torring.

## Sonop die joos in

**TRUDIE BOTHA, PRIMARIA, SONOP, skryf:**

"SOETLIEF van Sonop" se brief in Die Matie van Vrydag 7 September 1979 het my bloed laat kook. Ek kon nie anders as om na my pen te gryp en die fout reg te stel nie: Gedurende 1979 is GEEN eerstejaar in Sonop gehok nie!

Ek glo dat elke Huiskomitee die belange van hul koshuis eerste stel. Wanneer die naam van jou koshuis dan valslik gekoppel word aan 'n baie negatiewe insident, kan 'n mens nie anders as om heftig te reageer en aan te dring dat die naam van jou koshuis weer in ere herstel moet word nie.

Nadat ek speurder gespeel het, is ek glad nie meer verbaas dat sulke "foutjies" sommer net gebeur nie. **In die vervolg sal ek elke berig in Die Matie met 'n knippie sout lees . . .**

*Dit is jammer dat twee eerstejaars van die redaksie, in hul onskuldige naïwiteit 'n fout moes maak wat Die Matie se geloofwaardigheid, volgens juffrou Botha, in gedrang gebring het. Die "foutjie" (enkelvoud) wat ingesluip het, was werklik nie doelbewus nie en, onder omstandighede, buite beheer van die redaksielid wat die briewebladsy behartig. Ons is jammer dat juffrou Botha se bloed so moes kook; die redaksie sal in die toekoms mooi let op die oorspronklike bronne van naamlose briewe. — Red.*

# NAAKTE WAARHEID VROEG REEDS OPREG EN EDEL

**DEON VAN NIEKERK, SON VIDA 205, skryf:**

DIT is met 'n mate van huiwering dat ek op Anton Louw se brief (FOTOVARIA '79: Was dit werklik nodig? — Die Matie, 7 September 1979) reageer, want net soos hy kan ek my ten volle vereenselwig met die leuse van Sendingweek — "Laat U Koninkryk kom." Net soos hy, wil ek ook nie sien dat die liggaam van die vrou "as objek . . . gemaklik opsy geskuif (word), nadat sy soos 'n konfytblik leeggesmul is . . ." nie, maar of die drie foto's op die FOTOVARIA '79-uitstalling of selfs naakstudies in die algemeen darem hierdie veralgemeende en krasse veroordeling verdien, is myns insiens te betwyfel.

Trouens, die naakfiguur is van die vroegste tye af (opreg en edel) in die kuns bewonder en is hoegenaamd nie slegs deel van die "moderne gees van sekularisme waarin die mens vry geword het van alle gebondenheid aan die gesag van die Skrif" nie. 'n Naakstudie is nie *per se* pornografie nie. Hier geld tog verskillende maatstawwe. Ál verskil met die kuns van die geskiedenis en die hedendaagse fotografie (as kuns) is, wat dit betref, die medium wat verander. As *medium* is fotografie vanselfsprekend meer realisties, juis daarom is die moontlikhede om die vroulike liggaam uit te beeld soveel wyer as vantevore. Is dit dan nie moontlik om die vroulike liggaam as 'n goddelike beeldhouwerk te sien wat in die kuns tot uiting kom nie? (Hiermee wil ek nie ontken dat die sonde op die terrein van die kuns ook sy vastrapplek kan kry en wel ook deeglik gekry hét nie.)

### PORNOGRAFIE

Wat die verwysing na Matt. 5:28 betref, is ek nie so seker dat almal wat die betrokke foto's gesien het met "wellustige oog" daarna gekyk het en "in sy hart met haar egbreuk gepleeg het" nie — of miskien geld hier ook die bekende spreekwoord (effens gewysig): "Beauty (or lust) lies in the eye of the beholder". 'n Mens moet darem 'n verskil maak tussen pornografie en kuns (al het die skeiding deesdae 'n haarbreedte bereik, moet ek dadelik toegee). Dit lyk vir my mnr. Louw se grootste probleem is dat hy met 'n gebrekkige kriterium as leek op die gebied geoordeel het — 'n algemene probleem van selfs meer gevestigde teoloë.

### GEHALTE

Die kritiek wat wel teen die foto's ingebring kan word, is dat hulle wat gehalte betref nou nie heeltemal die paal gehaal het nie — maar dan moet 'n mens darem onthou dat een van die foto's 'n *beginners*toekenning gekry het. As Christen-Matie wil ek dus vra dat die *gehalte*, ook wat naakstudies betref, in die toekoms mag verbeter, want ek het ook as Christen belang daarby dat die kuns gedien word binne die breër raamwerk van die Koninkryk van God.

## *Neem Kennis*

AANSOEKE om die volgende poste in die redaksie van Die Smoeg word ingewag:

- **Advertensiebestuurder**
- **Verslaggewers (5 poste)**
- **Fotograaf**
- **Spotprenttekenaar**
- **Sekretaresse**


Aansoeke moet gerig word aan:
**Die Redakteur**
**Die Smoeg**
**Karnavalkomitee-kantoor**
**Langenhoven-Studentesentrum.**

Die sluitingsdatum is **Vrydag 27 September om 12h00.** Aansoeke kan van toepaslike ondervinding vergesel wees, maar dit is geen vereiste nie.

# PRIMS 79/80... PRIMS 79/80...

## DAGBREEK


### Gerhard du Plooy



Mnr. Gerhard du Plooy (B.Th. II, M.A.) van Sasolburg is deur die Dagbrekers tot primarius vir die volgende termyn verkies. Mnr. Du Plooy het gesê: "Dagbreek se unieke opset stel vereistes aan sy primarius en huiskomitee wat in baie opsigte vreemd is aan ander koshuise. Betekenisvolle kommunikasie tussen huislede is 'n baie hoë prioriteit. Hierdie saak kan alleen deur deeglike jaarbeplanning bevorder word."

## EENDRAG

### Callie Visagie



Mnr. Callie Visagie, tans 'n B.Th. I-student en 'n seun van Calvinia, is gekies as nuwe primarius van Eendrag vir 1980. Hy was vanjaar die rugbykaptein van Eendrag.

Mnr. Visagie is die voorsitter van Eikestad NP-studentetak. Hy koester prakties uitvoerbare ideale vir sy koshuis. Saam met sy huiskomitee gaan hy hom beywer vir 'n gesonde gesagsstruktuur en dissipline binne die koshuis.

## ERIKA

### Elmarie Cooke



Erica se nuwe primaria vir 1980 is Elmarie Cooke wat afkomstig is van Barrydale. Sy is 'n B.Sc.(L.O.)-student in haar derde jaar. Elmarie stel baie belang in sport, debatte en handwerk. Haar doelwit en ideaal is om eenheid in haar koshuis te bewerkstellig. Sy sal ook graag wil sien dat elke inwoner van Erica lojaal teenoor die koshuis sal wees.

## H/BERG


### Albert Marais



Mnr. Albert Marais, 'n derdejaar-regsstudent (B.A.) kom van Durbanville. Hy het 'n besondere belangstelling in sport en was die afgelope seisoen kaptein van Helderberg se rugbyspan. Volgens mnr. Marais is daar die afgelope paar jaar goeie fondamente deur sy voorgangers gelê. Met hierdie fondamente as basis wil hy met die samewerking van die huislede daartoe bydra dat Helderberg in sy termyn bo uit kom.

## H. MARAIS

### Gerrit v d Merwe



Mnr. Gerrit van der Merwe (Bth. II) van Jeffreysbaai is Huis Marais se nuwe primarius vir die komende termyn. Hy stel dit hom ten doel om die gesonde gees in sy koshuis verder uit te bou en eenheid onder huiswoners te bevorder en uit te bou. Verder sal die klem val op deelname aan koshuis- en kampusaktiwiteite sodat elke inwoner van Huis Marais student in die ware sin van die woord kan wees.

## HUIS VISSER

### Dirk Lamprecht



Mnr. Dirk Lamprecht van George is die nuut verkose primarius van Huis Visser. Hy is tans 'n B.Th.-student. Mnr. Lamprecht stel baie belang in rugby asook in die politieke veranderinge wat plaasvind in Suid-Afrika. Hy glo dat Huis Visser baie leierspotensiaal het wat deur die samewerking van die primarius, die huiskomitee en die huislede tot volle ontplooiing kan kom.

## LYDIA

### Wilna v Heerden




Die nuwe primaria van Lydia vir 1980 is Wilna van Heerden. Sy is afkomstig van Robertson en sal volgende jaar haar H.O.D. behaal. Sy het wye belangstellings wat die beoefening van hokkie, tennis en muurbal insluit.

Haar hoofdoel is die uitbouing van verantwoordelikheid en lojaliteit van die huislede teenoor die huiskomitee en Lydia.

## MAJUBA

### Van R Terblanche



Mnr. Van Rooyen Terblanche (BTh.I) van Gansbaai is Majuba se nuwe primarius. Mnr. Terblanche het gesê: "Dit is kenmerkend van 'n nuwe administrasie om alles wat nou onder sy beheer is te verander. Ek wil egter op die bestaande voortbou, en met die baie begeesterde huiskomitee wat daar gestel is, sal dit 'n dinamiese voortsetting wees."

## MINERVA

### Christina Gericke



Christina Gericke is die nuwe primaria van Minerva vir 1980. Sy kom van Blanco en sal volgende jaar haar B.Rek.-graad voltooi. Sy stel belang in tennis, netbal, kuns en naaldwerk.

Haar hoofdoel is om die beste van haarself te gee vir elke huislid van Minerva en om op hulle samewerking en vertroue te kan steun.

## MONICA

### Magdaleen Kruger



Magdaleen Kruger is tans 'n B.A. III student en stel H.O.D. in die vooruitsig. Sy kom van Vredendal en stel baie belang in Xhosa en die politiek.

Sy beywer haar vir 'n tegemoetkomender houding t.o.v. koshuisreëls. Sy voel ook baie sterk oor damesbelange (haar SR-portefeulje) en beoog meer kanale vir dames na die universiteitsowerhede.

## NEMESIA

### Ilse de Villiers



Ilse de Villiers, 'n B.A. III-student van Stellenbosch, is die nuwe primaria van Nemesia. Sy hou van waterski, muurbal en die verenigingslewe. Ilse gaan probeer om aan elke lid van haar koshuis die geleentheid te gee om haar demokratiese stem te laat hoor. Verder gaan sy alles in haar vermoë doen om te sorg dat Nemesia sy posisie as voorste dameskoshuis behou.

## NERINA

### Lizette Visser



Lizette Visser is verkies tot die primaria van Nerina vir 1980. sy is afkomstig van Randburg en sal volgende jaar haar H.O.D. behaal. Kuns, mense en liefde vir die natuur is haar primêre belangstellings. Sy wil haar beywer vir 'n hegte eenheid in Nerina tussen die huislede, huiskomitee en huismoeder. Hierdie wedersydse vertrouensverhouding moet ook na buite uitgeleef word.

## SERRURIA

### Heleen Swart



Serruria se nuwe primaria vir 1980 is Heleen Swart. Sy studeer volgende jaar Honneurs in Sielkunde en kom van Kaapstad. Haar belangstellings strek van tennis tot by kuns en toneel.

Sy beywer haar vir 'n meer sinvolle benutting van geleenthede op die kampus asook 'n groter rol vir dameskoshuise op Stellenbosch deur sekere strukturele veranderinge in die huidige koshuisopset.

## S/BERG

### Monty Sahd



Mnr. Monty Sahd (B.Th. III) is herkies as primarius van Simonsberg vir 1980. Mnr. Sahd wat alreeds die Matiegholfspan verteenwoordig het, kom van Queenstown in die Oos-Kaap. Hy beskou dit as sy eerste prioriteit om die nodige leiding aan sy huiskomitee te gee.

Daarbenewens is dit die verantwoordelikheid van die primarius om te sorg dat daar goeie dissipline tesame met 'n goeie en gesonde gees in die koshuis is.

## ARISTEA

### Riana Coetzee



Riana Coetzee is 'n tweedejaar B.A.-student. Haar groot belangstelling is musiek en sy bespeel die klavier. Sy speel ook klarinet in die blaasorkes.

In haar termyn wil sy haar beywer vir groter erkenning van Aristea as volwaardige koshuis. Groter betrokkenheid by koshuisbedrywighede en beter skakeling met die manskoshuise is van Riana se grootste ideale vir Aristea.

*Hier is vyftien van Stellenbosch se nuutverkose prims.* Die Matie *onderneem om die res van hulle in die volgende uitgawe te publiseer.*



*Die Admissiebond het onlangs 'n sportdag gehou. Die tweedejaars se rugbyspan het op die vooraand van die groot wedstryd gaan gees vang by die jaarvergadering van die bond.*
*Agter, v.l.n.r.: Jan Fourie, Brood Jordt, Johan Huisamen, Anton le Roux, Braam Hanekom en Joshia van der Merwe.*
*Voor, v.l.n.r.: Rikus de Wet, Vonnie Mostert (Kaptein), Lukas Basson, Annes Nel en Frederik Marais.*
*Die algehele wenners van die sportdag, wat rugby, toutrek en landloop ingesluit het, was die eerstejaars.*
*Die verrigtinge is afgesluit met 'n gesellige braaivleis.*

# Matie krieket begin — goeie, slegte nuus

**DIE krieketseisoen begin nou so stadig-stadig in beweging kom. Die Matie-klubspelers het dwarsdeur die jaar 'n winterprogram gevolg en hou op die oomblik gereeld groepoefeninge op Coetzenburg. Sommige van die koshuise het ook al begin woeker in die nette. Goeie nuus vir die Maties is dat Eddie Barlow weer dié seisoen die klubspanne met afrigting behulpsaam is. Nadat hierdie energieke en entoesiastiese plaasboer (hy het 'n plaas naby Klapmuts) verlede jaar in Engeland en Australië krieket gespeel het, is hy vanjaar weer vuur en vlam. Omdat hy ook die WP se afrigter-kaptein vir dié seisoen is kan ons aflei dat daar vir hom 'n bedrywige tydjie voor die deur lê.**

Die Maties het dié seisoen 'n nuwe aanwins in die persoon van Evan Gordon Hierdie tweedejaar mediese student (op Tygerberg) het verlede seisoen by die Kaapse klub Techs gespeel, maar het nou sy gewig by die Maties ingegooi. Hy is 'n goeie aanvangsbouler wat reeds vir die WP gespeel het en ons kan hom gerus goed dophou.

### VERLIESE

Aan die ander kant het die Maties ook 'n paar swaar verliese gely, waarvan die belangrikste seker Garth le Roux is. Al gaan hy miskien die seisoen vir die WP speel, sal hy nie vir die Maties beskikbaar wees nie. Nog 'n man waarsonder die Maties aanvanklik sal moet klaarkom, is Adriaan Kuiper wat met 'n enkelbesering sukkel. Volgens berigte sal hy eers weer in Januarie kan voluit speel.

### OEFENGROEP

Op die oomblik is daar 7 Maties in die WP-oefengroep (eintlik 6, want Kuiper is beseer). Die ander ses is: Eddie Barlow, Tony Green, Peter Marten, Dawie Malan, Danie du Toit en Evan Gordon.

Die Maties het 'n trotse rekord om op voort te bou. Verlede seisoen het die Eerste, Tweede en Vierde spanne hul onderskeie liga's gewen en die Derde span was tweede. Die klubspelers is baie optimisties oor die komende seisoen en ons hoop hulle kan hul goeie prestasies herhaal.

# Wat van muurbal?

**ANTON TAUTE**

MISKIEN is jy ook een van die ouens (of dames) wat party oggende so half-agt gaap-gaap na die muurbalbane draf-stap net om te verseker dat jy *oormôre* darem 'n bietjie muurbal kan speel op 'n tyd wat jou pas. 'n Man moet gou spring — veral hier aan die begin van die jaar was die bane baie besig. As jy agt-uur klas het en nog tussenin moet eet ook, dan lol dit maar om alles betyds af te handel.

Hoekom is dit so? Kan daar nie vir ons nog muurbalbane gebou word nie? Op die oomblik word daar drie nuwe bane op Coetzenburg vir die LO-departement gebou en ek het 'n voëltjie hoor fluit dat dié bane dalk in die aande oopgestel gaan word vir enige speler wat aan die sentrale klub behoort. Dit sal die posisie baie verbeter.

Dit is natuurlik so dat muurbal in die laaste tyd 'n soort 'craze' geword het — almal wil net muurbal speel. Dit sou baie dom wees om nou net bane te bou en as die geesdrif so 'n bietjie verflou, dit net as wit olifante oorbly.

Soos die situasie nou daar uitsien sal ons drafstap-baanbesprekers maar 'n bietjie moet uithou. Maar met die steeds groeiende studentetal hoop ons dat die owerhede in die toekoms daaraan aandag sal gee om nog 'n baan of twee vir die sentrale klub te bou.

# Marietjie Steenkamp

**SPORT-PROFIEL**

**VANDAG maak Marietjie Steenkamp, no. 1 van die Maties Tennisklub haar buiging as Die Matie se sportprofiel-gas. Sy is reeds van verlede jaar, toe sy as eerstejaarstudent na Stellenbosch gekom het, no. 1 vroue tennisspeler op Matie-kampus.**

Sy begin al in standerd 3 tennis speel maar het nie eintlik daarin belanggestel nie. Dit is eers nadat sy haar eerste toernooi in standerd vyf gewen het, dat sy met dryf begin speel het. Van standerd sewe tot tien het sy elke jaar 'n plek behaal in die Junior Interprovinsiale Boland-span en is ook van standerd agt tot verlede jaar vir die Senior Interprovinsiale Boland-span gekies. Alhoewel sy in Stellenbosch studeer en dus onder WP val, word dit as "akkoord" van Afrikaners" beskou dat sy nog, na al die jare, vir Boland speel. Daar word binnekort weer spanne gekies vir die



Interprovinsiale Toernooi wat hierdie jaar op Stellenbosch gehou word, en sy hoop om weer plek in die Boland-span te kry.

Marietjie het verlede jaar die SAU span gehaal en speel aan die einde van die jaar weer in die S A U tenniskampioenskappe wat by Ikeys gehou word. Sy het hierdie jaar die jaarlikse klubkampioenskappe van die Maties gewen. Op die jaarlikse erekleurdinee het sy volle erekleure vir haar tennis ontvang.

### GRAND PRIX

Verlede Desember-Januarie neem sy ook deel aan die Suikerreeks-toernooie in Kaapstad, Durban, Port Elizabeth en Oos-Londen. In die jaarlikse Paasnaweektoernooi wat in Mosselbaai gehou is, en sterk kompetisie bied, het sy in die finaal uitgeval.

Marietjie neem tans deel aan die Adidas Toernooi wat uit 'n aantal wedstryde wat die verskillende klubs aanbied, bestaan. Die beste tien spelers speel dan in die Grand Prix aan die einde van die jaar.

Marietjie voel dat haar ouers, veral haar vader, 'n groot invloed op haar tennis het. Dit is van hulle wat sy aanmoediging, belangstelling en rigting gekry het. Geen moeite is ontsien om haar op enige toernooi of afrigtingskamp te kry nie. Sy het haar afrigting begin by Abie Notnagel en is toe na mnr. Bundy wat 'n professionele afrigter is. Ook sê sy dat sy veral noú iemand nodig het om haar op die regte pad te hou want sy voel dat mens ná skool op jou eie is en net op jouself moet staatmaak.

Buiten tennis het Marietjie 'n intense belangstelling in rugby, en soos sy dit self stel, "dis nogal moeilik om altyd jou prioriteite reg te kry, jy weet!" Swys pot haar baie aan en sal selfs die bergpad saam met haar uitdraf, en dit help nogal! Buiten sport hou sy ook baie van lees, dans en enigiets in die buitelewe.

Sy het net een tennisambisie en dit is om eendag professioneel tennis af te rig. Dan wil sy ook net oorsee gaan om 'n paar toernooie te speel maar sy stel glad nie belang in professionele tennis nie.

Vir hierdie jong tennisspeelster is tennis 'n talent wat sy ontvang het, daarmee woeker en baie bevrediging daaruit kry.

# Skuba nie so maklik

**HERMAN VAN DER WESTHUIZEN**

**IN 'n kompetisie wat verlede Saterdag in die dam agter die Trimlaan plaasgevind het, het Charles Cillie eerste geëindig en Chris Glass tweede. I. van de Linde, M. Nash en J. Neser was gesamentlik derde.**

Skuba-kompetisie beteken dat 'n duiker 'n vasgestelde roete met behulp van instrumente onder die water moet voltooi. Die duiker wat die roete die vinnigste voltooi is die wenner. Só maklik is dit egter nie.

'n Duiker moet vooraf die rigting tussen die verskillende punte, wat met boeie



**CHRIS GLASS**

aangedui word, vanaf die kant bepaal. Saam met hom onder die water het hy 'n kompas waarmee hy van die een boei na die ander kan swem. Hy het ook 'n vloeimeter, 'n navigasie-instrument waarmee afstand onder die water gemeet word, en daarom moet hy ook vooraf die afstand tussen die verskillende boeie bepaal.

Daarbenewens is die duiker gewapen met 'n volledige duikpak, 'n akwalong en miskien die belangrikste, 'n gesonde verstand wat hom uit verknorsings kan help as hy nie sy doelwit bereik het nie. Die duikers moet ook fisies fiks wees.

Die stophorlosie word gedruk sodra die duiker boei A verlaat. die beamptes hou die duiker dop deur 'n boei wat aan hom verbind is, te volg.

Wanneer 'n duiker by 'n boei kom, staan twee dinge hom te doen. Eerstens pluk hy aan die boei sodat die beamptes kan sien hy het dit gevind en tweedens moet hy sy instrumente oriënteer om hom by die volgende boei te bring. Indien 'n duiker se navigasie-vermoë hom in die steek laat en hy dus bokant die wateroppervlakte moet loer waar hy is, word hy met vyf minute gepenaliseer. Die stophorlosie word weer gedruk wanneer die duiker die laaste boei pluk.

Alhoewel die uitrusting duur is, beskik die klub oor die meeste daarvan. Die duikers is vriendelike kêrels en bereid om beginners touwys te maak. Sakkie van de Linde, Mervyn Nash en Chris Glass is lede wat hulle al onderskei het deur WP-kleure te verwerf.

# Admissie hou sportdag

**DIE Admissiebond het verlede Vrydag hulle jaarlikse sportdrag by Vergenoeg gehou. Daar is Rugby gespeel, tougetrek en landloop gehardloop.**

Die spanne wat teen mekaar meegeding het was onderskeidelik die eerstejaars, tweedejaars en die derdejaars. Die middag se verrigtinge is begin met 'n Rugby-wedstryd tussen die tweedejaars en die eerstejaars. Omdat daar 'n aantal Matie rugbyspelers asook 'n groot klomp koshuisspelers in die spanne verteenwoordig was, het dit gou 'n aanskoulike wedstryd geword. In die eerste helfte was dit die eerstejaars wat die druk toegepas het. Hulle het eerste punte aangeteken en met die aanbreek van rustyd het hulle 6—0 voorgeloop. In die tweede helfte was dit die tweedejaars se beurt om druk toe te pas, maar hulle kon net nie punte aanteken nie. Die eerstejaars wen dus die wedstryd wat aan hulle 'n plek in die eindstryd gegee het.

Die volgende spankompetisie was toutrek. Die eerste trek was tussen die derdejaars en die eerstejaars. Die sterk span van die eerstejaars het kortemette met derdejaars gemaak en hulle met twee trekke teen een gewen. Na 'n rusperiode van tien minute is die tou weer styf gespan. Hierdie keer was dit die tweedejaars teen die eerstejaars. Weer eens was dit die eerstejaars wat met die louere weggestap het na drie lang en spannende skofte.

Die tweede laaste item van die dag was 'n landloop oor vier kilometers. In hierdie wedloop het die eerstejaar Ernst van Eck en twee van sy spanmaats weer eens bewys waarom hulle van die beste junior langasems op die Universiteit is. Hulle het maklik vyf minute voor hulle naaste teenstanders oor die wenstreep gehardloop. Vir hulle was hierdie wedloop blykbaar net 'n opwarming want net daarna is hulle weg om hulle middag se oefenprogram af te handel. Hierdie kompetisie is deur die eerstejaars gewen.

Die laaste item van die middag was die hoof-rugbywedstryd tussen die derdejaars en die eerstejaars. Dit was 'n harde wedstryd waarin die moeë eerstejaars alles in die stryd moes werp om nie die onderspit te delf nie. Groter samespel en goeie verdediging besorg egter aan die eerstejaars die oorwinning. Hulle wen die wedstryd met sewe punte teen nul.



*Die Matie-broers John en Steven Donald draf hier saam in 'n vroeë stadium van die Game Marathon.*

# Donalds hardloop sterk in Game Marathon

BENNIE ZIETSMAN

KEVIN Shaw van Germiston Callies het verlede Saterdagoggend die Stellenbosch-Isotoniese Game Marathon oor 25 myl maklik in 'n tyd van 2 uur 13 minuut 21 sek. gewen. Die Matie-broers John en Stephen Donald was derde en sesde onderskeidelik.

Shaw het egter nie sy volle mikpunt bereik nie, aangesien sy aanslag op die S.A. rekord van 2:12:19 wat onlangs deur Johnny Halberstadt opgestel is, nie suksesvol was nie. Die rede hiervoor kan grootliks aan die redelik sterk Suidooste-wind toegeskryf word. Dit is 'n bekende feit dat die wind oor die Kaapse Vlakte, waar die marathon vanjaar gehou is, baie lastig kan raak en die atlete lelik kan kniehalter. Ongelukkig kon die marathon nie oor die tradisionele roete om Stellenbosch gehou word nie weens druk verkeer wat as gevolg van 'n rugby-wedstryd verwag was.

Andersins het die 436 deelnemers, waaronder 'n paar dames en heelwat veterane, in baie gunstige hardloopweer weggespring. Dit was nie nodig vir atlete om persoonlike helpers te hê nie, aangesien water en koeldrank op verskillende punte deur die organiseerders voorsien is. Heelwat mense was langs die roete om die atlete te ondersteun.

Shaw het deurgaans die voortou behou en eindelik amper vyf minute voor sy naaste teenstander geëindig. Ben Choeu was tweede in 'n tyd van 2:18:17 met die volgende drie, naamlik John Donald, Vincent Rakabaele en L. Rabie kort op mekaar se hakke met tye van 2:18:54; 2:19:16 en 2:19:27 onderskeidelik. Stephan Donald het sesde oor die wenstreep gehardloop in 'n tyd van 2:23:29.

Na afloop van die marathon is die P.J.G. de Vos wisseltrofee aan Shaw oorhandig terwyl hy ook die trofee vir die wenspan namens Germiston Callies ontvang het. Die eerste vrou was Claire Tayler wat met 'n tyd van 2:56:28 die SA en Afrika rekord vir vroue geslaan het. Die beste veteraan (ouer as 40 jaar) was D. Roussouw. Bekers is ook aan die 2de en 3de atlete oorhandig terwyl individuele pryse aan die eerste 6 plekke, lede van die wenspan, die eerste veteraan, die eerste Matie, die eerste vroue-atleet en aan die 100ste plek toegeken is.

Verlede jaar het Brian Chamberlain van Wanderers die Stellenbosch Marathon in 2:15:26 gewen.



*Kevin Shaw ontspan hier op die gras na sy puik oorwinning in Saterdag se Isotioniese Game marathon. Shaw se tyd was net buite die Suid-Afrikaanse rekordtyd.*

# Hokkiespan is kampioen klub

DIE Matie hokkiespan het verlede naweek die Kronenbraü Kampioen van Kampioene-trofee in Johannesburg gewen deurdat hulle Durban Tegnies 3-2 in die eindstryd geklop het.

Durban Tegnies het in die sewentiende minuut hul eerste doel aangeteken, maar kort daarna het linkervleuel John Black die gelykmakende doel geskiet. Agt minute later het Black sy tweede doel aangeteken toe James Brink die bal dwars geskiet het tot voor die doelhok waar Black die bal opgepik het.

Kort daarna het Mike Madsen Tegnies se tweede doel aangeteken met 'n hoë hou. Die telling was twee doele elk en die regulasie sewentig minute was verstreke.

### STEWARD

Twee minute na die aanvang van die tweede ekstra tyd-speeltyd het Andy Schoeman sy naam verewig in die hokkie-annale van Stellenbosch. Sy kaptein, Leith Steward, het goeie aanvoerwerk gedoen en die bal vir Schoeman aangegee. Na 'n solo-lopie van nagenoeg twintig meter het Schoeman regs van die doelhok die wenhou gespeel. Tegnies se doelwagter het nie 'n kans gehad om by die bal te kom nie, en dié van ons wat dit op televisie gesien het sal sekerlik nooit Leith Steward en Cari Rose-Innis se vreugde vergeet nie.

Alle Maties dra hiermee hul gelukwense aan die span oor en ons gee met graagte vir hulle die ereplek in Op die Kantlyn.

### WP SKRIK

So amper het die WP Saterdag op Kimberley verloor. Menige benoude Kapenaar het die middag voor die radio deurgebring, en dit was heel opmerklik dat al die motorbestuurders wat met die radio aan by my verbygery het, fronsend was.

Die noue ontkoming kan die WP net goed doen en die span sal die 29ste wedstryd met die voordeel van goeie geestelike voorbereiding op die veld draf.

Sterkte vir die manne wat deur die nag gaan toustaan vir kaartjies, en ons hoop dit sal die moeite werd wees. Maar met al die Maties in die span kan dinge darem nie heeltemal skeefloop nie, of hoe?

## Op die Kantlyn

ARI OBERHOLZER

## Kort-sport

### GHOLF

Die Westelike Provinsie het sy wedstryd in die Rothmans Interprovinsiale Gholftoernooi teen Natal verloor. In die beurtspelle was beide Peter Todd en Giles Webb aan die verloorkant, en in die enkelspelle het hulle ook die onderspit gedelf. Todd en Webb het albei 'n strawwe seisoen agter die rug en dit is heel moontlik die rede vir hul swak vertonings.

### TENNIS

Drie oud-Maties en twee Maties is in die Boland-span vir die interprovinsiale tennis-toernooi wat van die agste tot die dertiende Oktober in die D.F. Malan Gedenksentrum gehou word.

Kwassie van der Merwe speel vir die eerste keer vir die Boland. Die span word aangevoer deur Phillip de Villiers, 'n oud-Matie wat nou sy tennis in Bellville speel. Die derde speler is die Matie Wynand Wessels wat reeds telkemale vir Boland gespeel het.

Onder die dames is Christine Marais wat na 'n lang afwesigheid weer tot kompetisie-spel terugkeer. Sy is ook 'n oud-Matie.

### FIETSRY

Willie Engelbrecht, junior fietsryer van die Maties, het verlede naweek 'n puik sege behaal in Yorkshire Wheelers se ope wedren oor 70km in Paarl-Oos.

Engelbrecht en sy Matie spanmaat, Rassie Smit, het in die laaste rondte van die wedren weggebreek en 25 sek. voor die volgende man klaargemaak. Engelbrecht se tyd was 1 uur 45 min. 24 sek.

### RUGBY

Willie du Plessis het 'n pragdrie gedruk in die WP se strawwe wedstryd teen Griekwas verlede Saterdag. Die klubspan het dit net so moeilik gehad in hul ligawedstryd teen Villagers op die Danie Craven stadion. Lauron Buys het sewe van Maties se twaalf punte aangeteken met 'n skepdoel en 'n drie. Die Victoriane het 'n goeie oorwinning van 43–9 oor Polisie behaal. Colin Beck het 15 punte aangeteken en Lieb Loots en Eugene Werth het elk twee drieë gedruk.

'N ALLIED-SPAARREKENING IS NIE NET VIR SPAAR NIE!



'n Gewone Allied-Spaarrekening is eintlik 'n "Geriefrekening" want u geniet hierdie 10 gerieflike voordele:

1. **Gerieflike onttrekkings** – by enige tak of agentskap, na geskikte identifikasie.
2. **Gerieflike trekfasiliteite op vakansie** — daar is 'n Allied-tak naby u, waar u ook al in die land rondreis.
3. **Gerieflike oorplasings** — maandelikse betalings van subskripsie-aandele of huisverbande kan gereël word.
4. **Gerieflike, gesamentlike rekenings** — egpare kan 'n rekening gesamentlik of afsonderlik gebruik.
5. **Gerieflike diens aan dames** — al is u in gemeenskap van goedere getroud, kan u 'n rekening sonder u man se magtiging open.
6. **Gerieflike rekening vir minderjariges** — almal ouer as 16 kan 'n rekening open en gebruik sonder magtiging van hul ouers of 'n voog.
7. **Gerieflike inbetaling van salaris** — vra u werkgewer om u salaris regstreeks in u spaarrekening in te betaal.
8. **Gerieflike kostebesparing** — geen grootboekgelde of ander koste nie.
9. **Gerieflike spaarboekie** — u weet altyd presies hoeveel u in u rekening het.
10. **Gerieflike manier om te begin spaar.** U kan met slegs R1 begin. Die maksimum perk vir 'n spaarrekening is **R25 000.**

Besoek binnekort enige Allied-tak en benut al die geriewe van 'n spaarrekening by ons.

ALLIED
die bouvereniging naaste aan u.

Bates oorskry R1 600 000 000